	[A. Pieterse] Sê jy vir my, jy het op die 28 Februarie 2018 die aansoek onderteken, of het jy nie? [D. Henning] Ja ek het. Skuus ek verduidelik u hoekom. Ons eerste aansoek is ingedien reg in die begin van die aanvangs fase – dit was die ou een. Hy was aangeheg aan die verslag. Daardie eerste een het verval want ons kon nie hierdie fase klaarmaak in 106 dae nie. Ons het meer tyd nodig gehad as wat die regulasies vir ons gegee het. Die regulasies gee 106 dae maar dit werk nie altyd vir 'n mega projek nie. Hierdie is 'n groot projek. Ons het baie mense om mee te praat, ons het 'n dik terugvoerings verslag wat ons kry van die mense, en ons kon dit nie net klaarmaak nie. Ons het na die Department van Omgewingsake toe gegaan en het vir hulle gesê ons benodig meer tyd. Die regulasies maak voorsiening vir daardie tyd, wat meer is. Ons eerste aansoek het verval maar omdat ons 'n aanvaarbare omvangsbepalingverslag gehad het, is daar voorsiening dat jy weer kan begin met die proses, maar in die volgende fase van die proses. Jy hoef nie weer van stap een af te begin nie, dit is 'n herindiening van presies dieselfde aansoek maar net gedateer 28 Februarie. [A. Pieterse] Sê vir my hoe ver is die aansoek. Hy is ingedien en hoe ver is hy vir antwoord vir die magtiging. Hoe ver is dit? [D. Henning] So die aansoek word nie bemaatig nie. Dit word ingedien by die Departement van Omgewingsake, hulle erken ontvangs van hom, en hulle gee vir jou 'n verwysingsnommer. Ons het saam met hierdie verslag die nuwe aansoek ingedien laas week by die Department van Omgewingsake. Toe stuur hulle vir ons binne 'n paar dae, die Departement se erkenningsbrief met die nuwe verwysingsnommer vir die nuwe aansoek, sodat ons die proses, net waar ons gestop het, kan voortsit en ons het nou meer tyd. [A. Pieterse] Wanneer verwag julle uitslag van hierdie aansoek? [D. Henning] Op hierdie stadium kyk ons nog na die program en hoe dit ontvou. As ons eers klaar ingedien het, met die 105 besluitnemings proses, volgende jaar min of meer om en by Februarie 2019, verwag ons 'n besluit van die Department van Omgewingsake. [A. Pieterse] Ek is vinnig, kort en kragtig, ek weet waarnatoe ek gaan. Die aansoek wat jul ingedien het, bepaal dat daar 2 verslae ingedien moet word, 'n omvangsbepalingverslag en 'n omgewingsimpakbepalingverslag. Is ek reg? [D. Henning] Nee, die nuwe aansoek vorm bepaal ons kan net met die laaste fase begin. Ons moet net 'n omgewingsimpakbepalingverslag doen. [A. Pieterse] Wat is die wat in my hand is? [D. Henning] Skuus hierdie was die "Scoping" verslag, dit is die ou verslag. [A. Pieterse] Maar dit is al wat ons het. Hoe moet ons weet dat dit die ou verslag is. Ek verstaan nie jou argument nie. [W. Potgieter] Wat is dan die nuwe een?		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	[D. Henning] Wynand, ek het laas week jou gebel en vir jou gesê iemand bring vir jou 'n verslag om by jou plaas af te lewer. [W. Potgieter] Hy was nooit by my afgelewer nie. [D. Henning] Iemand het geteken vir hom by jou plaas. [W. Potgieter] Ek het dit nie ontvang nie, julle moet vir my ontvangserkenning wys of julle het dit by 'n verkeerde plaas afgelewer. [D. Henning] Ek het vandag vir jou nog 'n kopie. [W. Potgieter] Wanneer het julle dit afgelewer? [J. Swanepoel] Ek het myne Vrydagmiddag gekry. [D. Henning] Dit is reg, dit is wanneer die nuwe proses eers begin het. [W. Potgieter] Is dit realisties om vir my Vrydag so 'n dik leër af te laai en met ons vandag of môre 'n vergadering te skeduleer? [D. Henning] Die verslag wat afgelewer is, ons gaan nie vandag deur daardie verslag gaan nie. Ons wil dit juis vroeg in die proses gee, sodat jy al die tyd het tot 29 Oktober om deur daardie verslag te gaan. Jy sal nooit oor een dag deur so 'n dik verslag kan lees nie. [A. Pieterse] Is daar 'n nuwe aansoek ingedien? Waar is hy? [D. Henning] Wynand ek graag vandag vir jou 'n kopie van die verslag gee. Ek gaan vir jou epos stuur met bewys want iemand by jou plaas het daarvoor geteken. Onthou ek het jou ook laas week gebel. [W. Potgieter] Ek weet jy het my gebel, maar ek was nie daar gewees nie. [D. Henning] Die verslag wat u het meneer is 'n ou verslag, dit is die "Scoping" verslag. Hy is aanvaar deur die Departement van Omgewingsake op die 28ste, en Vrydag laas week is die nuwe verslag afgelewer. [A. Pieterse] So jy sê hy is aanvaar deur die Department? Doen julle aansoek vir magtiging namens die Departement Water en Sanitasie sodat die projek kan voortgaan? Sê jy die magtiging is gegee dat die projek kan voortgaan? [D. Henning] Die magtiging word nie nou al gegee nie. Jy gee nie magtiging in die eerste fase nie. [A. Pieterse] Verstaan ek reg, die magtiging is nog nie gegee nie? [D. Henning] Reg, nog nie gegee nie. [J. Kroon] Daardie goedkeuring is 'n tussentydse goedkeuring op daardie stadium, dit wil sê, dit is soos 'n aflos en is die laaste oorhandiging van die stokkie en die proses gaan daarvandaan voort.		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	[A. Pieterse] Is enige een van hierdie partye wat hier sit, op enige stadium die geleentheid gegee? Het jy bewyse van kennis dat die aansoek ingedien is, en om die aansoek te opponeer en vir die Departement van Omgewingsake te gaan sê: moenie die aansoek goedgekeur nie, vir die volgende redes. [D. Henning] So wanneer die aansoek ingedien word, is daar nie die geleentheid nie om te appelleer op daardie stadium nie. [A. Pieterse] Nie appêl nie, ek wil die aansoek opponeer. Ek wil net vir Omgewingsake se dat hul nie die aansoek moet toestaan nie. [D. Henning] Die verslag wat nou u het, daar was die geleentheid gegee om te sê u ondersteun dit nie, en baie mense het dit gedoen en sterk vir ons geskryf en gesê hulle ondersteun nie die projek nie, en vir die volgende redes. [A. Pieterse] Het jy enige iemand in kennis gestel jy dien die aansoek in. Hoe gaan ek weet jy doen dit. Ek het verstaan dit is jou aansoek. Nou hoor ons daar is 'n nuwe aansoek. Het jy my byvoorbeeld in kennis gestel dat jy dien die aansoek in. [D. Henning] Ek het almal in kennis gestel op twee maniere. [A. Pieterse] Vertel vir my hoe. [D. Henning] Ek weet nie of ek meneer se epos adres het nie. Ek het duisende mense se epos adresse. Weet nie of ek u eposadres het nie. As u nie n epos van my ontvang het nie, het ek u nie in kennis gestel nie. [A. Pieterse] Almal van ons wat hier sit, het geaffekteerde regte, almal van ons. Ek wil weet hoekom ek nie in kennis gestel is nie? [D. Henning] My manier van mense in kennis stel... [J. Kroon] In die begin was daar gesê dat die Voorsitter die fasiliteerder is. Daar is op die oomblik net 'n gesprek met die spreker en een van die gehoor. Ek vra beleef aan almal om u vrae te kanaliseer via die Voorsitter en dan Nemaï die geleentheid te gee om 'n antwoord te gee, baie dankie. [A. Pieterse] Dan gaan ons hier sit tot 8uur vanaand meneer. [F. Vogel] Ons is hier om die probleme op te los, en om beter begrip te kry. Tot dusver was ons gesprekke met hierdie fokusgroepe juis oor die besware en die bekommernisse wat geopper is. So, dit is vir my nou bietjie nuut as u wil sê, dat mense nie die geleentheid gehad het om hulle besware te opper nie, want hierdie hele proses gaan daaroor. [A. Pieterse] Kom wys vir my al die besware wat geopper was. Daar is nie een beswaar wat gehandhaaf was nie. Nie een nie. Almal word bloot afgeskiet. Kyk na daardie paragraaf, kyk na daardie paragraaf, ens. Nou vra ek vir u wat help dit, vandag se "meeting" hier? Dit is maar net weer 'n regmerknie wat julle vir die regulasie kan wys vir die Department van Omgewing, dat ons hierdie vergadering gehad het. Met alle respek vir al die mede boere van my, julle mors ons almal se tyd want jul aanbeveling		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	hier is reeds, hierdie stuwal moet gebou word. Is ek reg? Dit is julle aanbeveling. [D. Henning] Nie in daardie verslag van u nie, in die volgende verslag. [A. Pieterse] So julle aanbeveling is dat die stuwal moet gebou word. Weer eens sonder dat almal die geleentheid gegee het om alternatiewe getuienis voor te lê. Luister mooi wat ek vir jou sê. [D. Henning] Ek verstaan wat u sê. Ek weet wat is in Makoppa se skrywe. Wat ek vir u sê, Voorsitter, is dat geldige geleentheid is gegee, van dag een af, vanaf 2016, en niks van daardie sake is verlore nie. Dit is alles opgeskryf en deur die “Scoping” fase het ons laat weet daar is ‘n aansoekvorm ingedien en hierdie is die aktiwiteite waarvoor ons magtiging soek, hierdie is die applikant, hier is waar die verslag is om te besigtig en vir ons kommentaar kan deurgee. Dit is my plig, as u vir dit vra, ek sal dit alles vir u deurgee. Ons het alles op rekord en ons heg dit aan by die verslag. [A. Pieterse] Skuus, ek gaan nog direk met jou praat. In ons brief vra ons vir julle, ek sal daardie brief vir jou wys. Sê ons vir julle, ons soek hierdie dokumentasie, hierdie dokumentasie. Wat het u vir ons gegee? U het hierdie lêer vir ons gegee en nou is dit oud – daar is ‘n nuwe een. Gaan soek jou antwoorde daar. Dit is wat jy vir ons gesê het. Is ek reg? [D. Henning] So wat ons gedoen het, is more sou ons ‘n vergadering gehou het by Makoppa. Ons het ‘n aanbieding gemaak, spesifiek op elkeen van die kwelvrae. Wat ek gedoen het Wynand, ek het dieselfde met u gedoen, ek het ook ‘n uittreksel van die groot Kommentaar en terugvoeringsverslag vir u gestuur. Dit is hoe die proses werk, en ons moet alles bymekaar sit en wat ons vir julle deurgee as terugvoering, eindig op by die Department van Omgewingsake. So hulle moet na ‘n gebalanseerde manier kyk na alles. Wat het Makoppa ons gevra – hoe het die projekspan terugvoering gegee, en dan moet die Departement kyk of is hierdie terugvoering aanvaarbaar, en as dit nie is nie dan is daar fout. So om dit konstant te hou het ek ook vir u ‘n uittreksel gegee. Ek weet dit is ‘n lomp dokument, maar dit bevat alles, en ek weet dit verwys na ander stukke... [W. Potgieter] Die antwoord is totaal onaanvaarbaar. Om vir my te sê, my waterregte, my verbruiksregte of die vermindering van water, wat my toekoms gaan affekteer, en daar is ‘n one-liner, ‘it goes on as always’. Dit is nie aanvaarbaar nie, en dit is nie die antwoord nie, daardie antwoord is ‘n bladsy en ‘n vergadering op sy eie, maar dit gebeur glad nie. Nou stuur ek my brief vir jou die 26ste Februarie en jy teken ‘n aansoek 28 Februarie wat ingaan Department van Omgewingsake toe, sonder dat enige van ons daardie vraag van my in die dokument vervat is, dan vra ek vir myself waarmee is ons hier besig. Julle soek ‘n rubber stamp, dat hier publieke deelname was, en nie baie ouens het baie vrae gevra nie, en daar is sekere verskriklike foute in jou vorige agendas wat ook ingesluit is van mense wat goed gepraat het wat nie so is nie wat sê ek wil insluit by Albrecht – wat soek ons hier, is vandag weer ‘n rubber stempel wat se “we are here – public review has happened – carry on”. Dit is ons gevoel, en daar word nie aan ons besware aandag gegee nie. Ek dink as jy ons besware, Koedoeskop se besware, of wie ookal se besware, rêrig ernstig opgeneem het, sou hierdie vergadering plaasgevind het voordat daar enige aansoek na die Department van		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	Omgewingsake was, want dan het jy na beide partye gekyk. Die ou wat die projek moet dryf, Waterwese, sowel as al die geaffekteerde partye se belange, onafhanklik op die hart gedra. Eers dan kan daar 'n onafhanklike, objektiewe omgewingsbepaling, "Scopings" fase verslag na die Department van Omgewingsake stuur. Dit gebeur nie. [F. Vogel] U gaan van die onderstelling uit dat die twee prosesse gekoppel is, en dat die Department van Omgewingsake alreeds by geleentheid die proses sou stop. Dit sou nie gebeur het nie. Die goedkeuring of nie goedkeuring vind aan die einde plaas. So, die twee prosesse, die administrasie by die Department van Omgewingsake gaan aan, en die kern dokument waarop die besluit geneem word, is die verslag – die Kommentaar en Terugvoeringsverslag. [W. Potgieter] Is hierdie "Scoping" verslag oud of nuut? Geen van my besware is hier hanteer nie, niks. Hoe is hy objektief, neutraal? Al die partye betrokke se siening, se probleme, se antwoorde, hoe is dit in berekening gebring met die ding wat tans by die Departement van Omgewingsake lê? Antwoord dit vir my. [F. Vogel] Dit is nie in die Scoping verslag nie. [W. Potgieter] Is dit in die nuwe verslag? [F. Vogel] Dit is in die nuwe verslag, en dit is die rede waarom ons hierdie vergaderings hou. Hierdie verslag is nou uit vir kommentaar en is ingedien. Nou hou ons hierdie vergadering op die vroegste moontlike tyd van die kommentaar periode, sodat julle of enige geaffekteerde party, tyd het tot die einde van die maand. U gaan groter besware hê as ons 2 dae voor die spertyd is, na jou toe kom en sê hierdie is wat in die verslag staan. Ons kom nou vroeg genoeg na u toe, om te sê dit is wat in die verslag staan, en as jy nie gelukkig is wat in die verslag staan nie, dan is dit nou juis die geleentheid om seker te maak wat daarin staan. [J. Swanepoel] Ons het die verslag eers Vrydag gekry? [F. Vogel] Jy hoef dit nie vandag te doen nie meneer. U kan dit doen voor die einde van die maand. Dit is hoekom ons vandag kom en sê dit is ongeveer in 'n opsommende mate wat in die verslag staan en dan het jy nog tyd tot die einde van die maand om dit te doen. As ek in die middel van die maand na jou gekom het, dan het jy 'n beswaar om te sê ek het net 'n week oor. Nou het jy nie net 'n week oor nie, jy het 'n maand oor. Verstaan jy die motivering, die motief is juis om elke geaffekteerde party 'n billike kans te gee om kommentaar te lewer. So, jou redenasie van, laat die besluit of inligting wat daar is om afgekeur te word, is nie heeltemal korrek nie. Die proses verloop dat daardie verslag word nou ingedien, en julle moet genoeg tyd hê om julle kommentaar te gee sodat dit die proses kan korrek verloop. [A. Pieterse] Hoe verskil die lêer wat so pas aan Wynand oorhandig is, met die lêer wat in my hande is. [F. Vogel] Wel, ten minste kan jy sien hy is dubbel, met ander woorde, daar is baie kommentaar wat ook nie daarin was nie. Die "Scoping" is die omvangsbepaling en dit is om te bepaal hoe wyd is die impakte.		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	[D. Henning] Mnr. Voorsitter, hierdie is baie belangrik, mense moet verstaan hoe die proses werk sodat hulle ook betrokke kan raak. Ek dink dit is 'n baie goeie ding dat ons hier stilstaan, want sonder geleenthede soos hierdie, mense wil weet wanneer kry julle spreekbeurte en hoe word die kommentaar in aggeneem. Die verslag wat nou uitgegaan het op die 28ste September, en wat tot die 29ste Oktober uit vir besigtiging is, is met al die nuwe spesialis studies, en al die kommentaar wat ontvang is tydens die omvangsbepalingfase en Februarie skrywe, wat ons in ag moes geneem het om die groot impakte te bepaal. In die vorige omvangsbepalingverslag, was daar gekyk na kwalitiewe impakte, maar nie kwantifisering van die impakte nie, daar was nog nie spesialis studies nie, en dit gee ook die metodiek van hoe gaan ons die volgende fase doen. Ons het toe die volgende fase gedoen, en dit staan so in die volgende verslag. Die 'Comments and Responses' verslag – ek het nou vir julle die uittreksel gegee. So Wynand dit is wat ek vir julle gestuur het. Party van daardie goeters het ons meer deeglik beantwoord as ander. Ons het dit vir u gestuur, ek dink dit was in Julie gewees, kan nie mooi onthou nie. Ons hou juis hierdie (fokusgroep) vergaderings bo en behalwe die openbare deelnames. Hierdie tel nie eintlik vir die EIA proses soos 'n rubber stempel nie soos wat meneer genoem het nie, hierdie is bo en behalwe. Die feit dat ons met die water manne kom sit is dat juis julle idees hier ingebring is. Julle benodig 'n platform – niks rubber stempel nie – hoe meer ons met julle praat, hoe meer kan ons uitklaar, en as ons ernstig kop stamp, of die kwessie wat ons nie 'n antwoord voor het nie, is dit nie 'n goeie ding nie. As dit die geval is dan beteken dit daar is probleme met die tegniese kant of ons gaan net nie ooreenstem nie wat die antwoord is nie. Wynand, die terugvoering van Junie of Julie, is die terugvoering wat op daardie stadium gegee is op julle vorige vrae, en die bedoeling was met môre se vergadering om deur elke een te gaan in detail, en dit vroeg genoeg te doen word in die verslagmaand, sodat julle die hele Oktober het om te kyk na die terugvoering, en enige probleme te identifiseer en te rapporteer. [A. Potgieter] Ek het twee vrae wat ek nog wil jou wil vra. Skuus meneer Voorsitter. Mnr Henning het net nou genoem van die ontvangs van Makoppa Landbou se skrywe, het hy die skrywe gestuur na Omgewingsake en vir hulle gevra om kommentaar te lewer hierop, het ek hom reg verstaan? [D. Henning] Nee, glad nie. Hoe dit werk is, hy is ingedien en hulle kyk na wat die kommentaar was en watter terugvoering daarop gegee was. So as dit is hoe u dit verstaan het dan is u korrek. [A. Pieterse] So hulle kyk wat is die terugvoer en as hulle nie saamstem met die terugvoer nie, dan sê hulle vir u wat om te sê? [D. Henning] Nee, dit is 'n aparte departement. [A. Pieterse] My vraag is, nou dit is juis by die instansie wat u gaan aansoek doen vir magtiging. Verstaan jy? Watter beter voorbeeld van hoe bevooroordeel dit is. Hulle weet mos nou presies wat om te verwag, hulle gaan mos nie objektief wees nie. Dit is die een vraag wat ek het. Die ander vraag is, u het nou-nou vir my gesê in daardie verslag, het u reeds 'n aanbeveling gemaak dat die stuwal oprigting moet voortgaan, is ek reg? [D. Henning] Ja Meneer.		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	[A. Pieters] Hoe raak dit u objektiwiteit? Ons is vandag hier en ons gaan nie u oorreed om anders te besluit nie, is ek reg? [D. Henning] Ek gee gou terugvoering. So die eerste een – die objektiwiteit van die Departement van Omgewingsake. Daar is 'n ander projek waarmee ek betrokke is meneer in KwaZulu-Natal. Dit is 'n groter waterskema as hierdie een, 2 damme, 'n watersuiwerings werk ens. dit is om water by Durban te kry, baie groter skaal as hierdie projek. Daardie projek kry nie magtiging nie, en kan ek vir u sê hoekom? Ook die Dept. Van Water en Sanitasie as die applikant. In die kommentaar en terugvoeringsverslag, is daar bekommernisse gelig oor sekere aspekte. Ons het toe terugvoering gegee op die beste moontlike informasie as wat ons gehad het, met spesialis studies en tegniese insae, ens. Die projek het nog steeds nie magtiging gekry nie, en daar is 'n baie goeie kans dat die Departement van Omgewingsake nie magtiging gaan uitreik vir die projek nie, wat baie meer strategies is as hierdie een. Daardie kommentaar en terugvoeringsverslag, hy is ook baie dik, en as ons nie ons werk doen nie, ek hoef nie alles te beantwoord nie, ek is nie tegnies nie, ek is nie een van die spesialiste nie, en as iets daar gevra word en iemand in hierdie span, en ek ook wat onafhanklik is, dit nie beantwoord nie, kan daar probleem wees met die projek en ek het dit al gesien en beleef. Ons het nie genoeg informasie gehad op daardie projek nie, in terme van wat die kwessie was, en dit kry nie magtiging nie. Die projek duur nou al vir 5 jaar. So ek wil net vir u sê, die afhanklikheid van daardie Departement, hulle het hulself op die proef gestel. [A. Pieterse] My vraag is u objektiwiteit self, u firma. Dan sê die meneer Voorsitter vir my ek het nog kans tot einde Oktober om iets uit te dink en jou te probeer oorreed. Jy het mos nou alklaar jou besluit gemaak. Hoe kan jy nou 'n aanbeveling maak sonder dat vandag se vergadering al verloop het. [F. Vogel] Hoe verwag u, moet die Departement van Omgewingsake iets beoordeel, as dit nie is op die basis van iets nie. [A. Pieterse] Nee, eers as hy alle kante aangehoor het, dan besluit hy. Dit is dan mos wat objektiwiteit beteken. [F. Vogel] Die kommentaar en terugvoeringverslag, moet juis sê hier is die projekvoorstel soos dit aanbeveel is. As dit gemagtig word sal hy so en so wees. Dit is nie Donavan wat dit voorstel nie, dit is die applikant wat sê dit is hoe die projek moet wees. [A. Pieterse] Maar dit is wat ek wil opponeer. [F. Vogel] Maar dit is nou die geleentheid wat u het om dit te opponeer op 2 punte. Jy het die geleentheid om te opponeer deur die Kommentaar en terugvoeringverslag, jou besware daarteen te lig en dan het die Departement van Waterwese die geleentheid om te sê maar hierdie beswaar gaan ons op hierdie manier motiveer, en dan kan die Departement (Omgewingsake) besluit, en as jy nie tevrede is nie kan jy dan appelleer. Daar is 'n bepaalde proses daarvoor. [A. Pieterse] Ek aanvaar wat u vir my sê.		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	[F. Vogel] Die werk van die omgewingskonsultant is om die hele proses van ontwikkeling en die besware en die antwoorde van die Departement te administreer, hulle is nie die besluitnemer nie en ook nie die ontwikkelaar nie. Hulle word in terme van die omgewingswet aangewys om 'n onafhanklike benadering te volg om te sê, maar dit is wat moet gebeur, hier is die proses, en die Dept. Van Omgewingsake neem dan die besluit. Hulle funksie is die administrasie van hierdie proses. Die ontwikkelaar wat die Departement van Waterwese is, is die ouens wat kom en sê maar hier is ons voorstel. In die aanvanklike omvangsbepaling is daar nou meer opsies en word daar gekyk na die vele opsies, en dan moet 'n mens nou kom met 'n voorstel na die Dept van Omgewingsake toe en sê, die finale voorstel is dat dit so en so sal werk, en dit is die besware wat daarop is, op sekere punte. Ek dink dit is eintlik 'n baie gesonde proses wat ons vir jare nie gehad het en die ander ding is dat die prosedures wat voorgeskryf is, het nie noodwendig al die fokusgroep vergaderings nie. Ek dink die Departement van Water en Sanitasie, het eintlik 'n ekstra myl geloop om te sê water is vir ons baie belangrik, en die besproeiing ontwikkeling van ons nywerhede is baie belangrik en noodsaaklik, en ons sal moet kyk dat ons hier 'n werkbare proses het. Dit is hoekom daar in werklikwaar die ekstra spreekwoordelike myl geloop is. [A. Pieterse] Meneer ek wil afsluit, ekskuus, want ek dink ek mors almal se tyd eintlik hier, want ek praat namens Makoppa Landbou en nie namens Koedoeskop Besproeiingsraad nie, ons het saam gesit in 'n vergadering, maar ek is van mening dat dit wat julle gedoen het, wat julle vir my gegee het om na te gaan, was bloot net 'n prosedure wat julle deurgegaan het, daar is geen objektiwiteit hier nie. Ons as Makoppa Landbou verwerp hierdie verslag, en ek kan jou twee dae besig hou om te sê hoekom verwerp ons die verslag. Ons aanvaar nie die verslag nie. Ons gaan die aansoek vir magtiging opponeer. Ons gaan dit doen. Die nuwe aansoek wat nou aan my oorhandig is en nou op die vloer lê, kan ek net een vraag vra. Wanneer is die aansoek vir magtiging ingedien? [F. Vogel] Ons sal nou by u vraag kom. U sê u opponeer dit. Ons het in elk geval vir more spesifiek gefokus op die Makoppa groepie. [A. Pieterse] Ons Makoppa Landbou het gevoel, dit is al my mense wie saam my hier sit, ons gaan sommer vandag hier bywoon en hoor wat julle sê. Ons gaan ons opponering aan julle uitwys. Uit ons oogpunt uit, gaan dit nie more help om met ons daaroor te praat nie. Ons lewer kommentaar op alles en dit bring ons nêrens nie. [D. Henning] Het jy hierdie gesien? [A. Pieterse] Nee ek het nie. [D. Henning] Dit is die uittreksel van Julie/Junie wat deurgestuurd was. [A. Pieterse] Ja. Dit is die antwoord wat Wynand nou hier gesê het, skuus, wat hy gekry het per epos van u af. Ek het dit nagegaan en alle respek, as u vir my sulke antwoorde gee op sulke eenvoudige vrae wat ek daar vra. Gaan kyk. Al wat u doen met hierdie antwoorde... [D. Henning] Dit is nie net ek nie, maar die hele span wat hierso sit.		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	[A. Pieterse]...As ek verwys na “u” dan verwys ek na u firma. Al wat julle hier gedoen het, is julle het die “Scoping Report” se uiteensetting net so gekopieër. 90% van die goed is so. My vraag is wanneer was die nuwe aansoek ingedien? [D. Henning] Onthou net, dit is ‘n nuwe aansoek om die proses net voor te sit in die EIA fase. Daardie aansoek is laas week saam met die kopie van daardie nuwe konsep verslag, na die Dept. van Omgewingsake. Die aansoekvorm is dieselfde tyd saam met daardie verslag ingedien. Hoekom? Sodat ons die maksimum periode het om die proses te voltooi, en om met mense interaksie te he. [A. Pieterse] Die afskrif van die aansoek is in hierdie lêer? [D. Henning] Ja Meneer. [A. Pieterse] Dankie. [D. Henning] Na die tyd, ek is hier in my eie kar. As jy na die tyd wil kom praat, wie ook al wil kom praat oor die EIA goed, ek sal graag wil verder gesels. [A. Pieterse] Mnr. Henning, ek gaan nie u oorreed nie, ek het die al gesien, ek gaan u nie oorreed nie, ook nie u firma nie, ook nie die Dept. van Water en Sanitasie nie, ek gaan nie. Ek weet dit en ek sien bloot uit dit toe ek deur hierdie lêer gegaan het. Ons kan met graagte gesels maar ek weet ek gaan u nie oorreed nie, want u het klaarblyklik al klaar besluit, die aanbeveling word gemaak aan die Dept van Omgewingsake dat hierdie projek moet voortgaan. Nou hoe gaan ek jou oortuig wanneer jy klaar daardie besluit gemaak het. Al lewer ek watse kommentaar. [D. Henning] Is dit nie moontlik by môre se vergadering nie, dan kan ons in detail gaan want ons het die hele dag opsy gesit. Ons kan dan elke aspek bespreek. Dan kan ons môre verder baklei, dit is nie ‘n probleem nie, maar die tyd is daarvoor. [A. Pieterse] Al my kollegas hier, sê dit is reg. [F. Vogel] Ok, dan sien ons mekaar môre. Die hele kwessie is, as ek terugkom na die tegniese punte, is juis om geleentheid te gee, om die vra wat u het, verdere inligting te verskaf, en sommige kere is dit goed wat mense nie reg verstaan nie, of daar moet aanpassings gemaak word in terme van die bestuursprosesse of wat ook al, ek dink nou maar net sommer uit ‘n praktiese oogpunt uit, uit die rivierbestuur, en dit kan dan daardeur ondervang word. So, kom ons gaan dan nou verder, en ons kyk dan nou na die besproeiingsraad Koedoeskop, Krokodil-Wes, het twee dokumente gestuur en die laaste een wat ons gesê het, hierdie kernvrae, die brandpunte, en ons gaan dit dan nou hanteer, en vir u verdere inligting gee. So wat ons graag wil hê, is dat ons die punte debatteer op die einde, want hulle is inter-afhanklik, maar as u verdere vrae het, ten opsigte van duidelikheid, kan ons dit intussen doen. [J. Swanepoel] Ek wil net by u aansluit. Onthou ons het die verslag nou gekry. Ons kon hom nog nie bestudeer nie... [F. Vogel] Ons verwag dit ook nie...		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	[J. Swanepoel] So hoor my mooi, as ons vir julle vrae vra doen ons dit net alleenlik om meer inligting te kry. "Those two gentleman there, if you cannot follow in Afrikaans, please tell us. We will translate it for you because I think if we are going to start talking about jobs that will be lost and the food will be lost, it will be on TCTAs head to explain to the people why they lost their jobs and why whole area will be negatively affected, because you can look down at this thing and recognise that there is 50% of the total water storage, being taken by Medupi, and that is a fact. We are talking about 90 towards 200 million storage. You are going to take 200 storage, and the total projection of Medupi is 90 million, that will be needed. That is wrong in your scriptures."... [F. Vogel] "Okay we can check that, but it is not the correct figures." [J. Kroon] Voorsitter dankie. Baie van die items wat jy noem stem ons eintlik mee saam. Jy moet ook net onthou dat wanneer ons hierdie dinge sê is die projekspan, ek praat hier namens die Dept. van Water en Sanitasie. Ek is 'n ou dam ingenieur, en vir die laaste 10 jaar van my loopbaan was ek in projekbestuur en finansiering. Wat ek met u gaan deel is onderhewig aan sekere kwalifikasies, en dit geld vir ons almal. As ek vir u iets noem wat in konflik is met die EIA verslag, dan neem die EIA verslag voorkeur, maar nog belangriker, ek kan niks hier sê wat teen die wette van die land is nie. As ek teen die wette van die land gaan, kan julle of my werkgever my aankla. So wat ek ookal sê, moet binne die riglyne van die wet wees, en ons hou nie almal van die wette van die land nie, dit is 'n "feit soos 'n koei". Kom ons gaan dan aan, en ons kom by die vraag van 21/09/2018, en ons neem kennis van 'n aanhegsel van die epos wat u aan mnr Henning gestuur het, en dat u eintlik kan verstaan hoekom meneer Henning nog steeds nie weet wat die vrae is nie. Gelukkig het u op die pad gebly en toe 'n klompie vrae gevra, wat ek graag sal wil antwoord. In u vraag No. 3 vra u, "Wat is die posisie en die toekoms van hergebruik van Vaalrivier se oorgeplaaste water, en ook plaaslik-gebruikte water". Nou, dit is belangrik, ek kan nie buite die riglyne van die wet gaan nie so ek gaan Artikel 3 van die wet vir u lees, en dit is wat die Minister ook moet doen. [D. Henning] Skuus Jaap, ek wil net vir u noem. Ons het vir u, di wat u gekry het, is 'n uittreksel uit die "Comments en Responses" verslag, en dit is nou ongelukkig in Engels, maar No. 3 waarna verwys word, is as jy hom oopmaak en gaan na die tweede bladsy, dit is nr. 345 in die verslag is waar julle aspekte verskyn spesifiek, en dan begin hy by die eerste 2 punte, is stellings. [J. Kroon] Jy is nou by die volgende een, nr. 6.2. Die vraag wat u gevra het, is in hierdie epos wat u aan Mnr. Henning gestuur is. Ek gaan elke keer die vraeys noem wat u aan Mnr. Henning gestuur het, op 21 September, so 10 of 11 dae gelede, en die antwoord daarop, is Artikel 3 van die Wet. Dit sê in Artikel 3.1: "As die openbaring trustee van die nasie se water hulpbronne, die Nasionale of Provinsiale plaaslike regering wat handel deur die Minister van Water en Sanitasie geskik is om water te beskerm, ontwikkel, bewaar, bestuur en beheer word op 'n volhoubare en bilike wyse". Artikel 4 is oor die toekenning van hierdie water en die aanspraak van water. Wie mag water in hierdie land gebruik? 'n Persoon mag dit net doen in gevolge bepalings van die wet. So word Artikel 4 van die Wet uiteengesit, en wat die besproeiingsgrade aanbetref is Artikel 4.4: enige aanspraak van 'n persoon kragtens hierdie wet verleen is, vervang die reg om water te gebruik die persoon anders		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	in staat te stel om te geniet of af te dwing kragtens enige ander wet om water te neem of te gebruik. Die twee besproeiingsrade, Hartbeespoort en Krokodil-Wes, is deel van water gebruiksgebiede as ek dit reg verstaan, en toe die 1998 wet ingekom het, is daardie geskeduleerde areas opgeneem en daardie watergebruik, ingevolge die 1956 wet, het toe geldig geraak en hulle kan voortgaan tot dat die Minister besluit dat daar aansoek gedoen moet word vir nuwe lisensieëring. Tot tyd en wyl, geld daardie artikel van die Wet oor die aanspraak op water, en dan, as jy teruggaan na 1956 se wet toe, dan sê dit indien nie beskikbaar nie, sê soveel en ek dink Krokodil-Wes is 8 000 kubieke meter per hektaar per jaar, indien beskikbaar. As ek verder vorentoe gaan, dan is dit die water wat beskikbaar is. Dit is die wet. [J. Swanepoel] Weet jy dat daardie wet pas so mooi by ons, wat ons probeer sê is mense bou 'n dam. Daar was in die boonste paragraaf, sodat die water beter kan benut word. [L. Scheepers] Die Krokodil-Wes Besproeiingraad het daardie spesifieke vraag gevra: wat van as die Minister 'n wetgewing maak dat die gryswater hersirkuleer moet word, en dan kom dit nie meer hier by ons verby nie, dit bly daar agter, maar in die beplanning, wat doen die beplanning van Medupi en die hele skema, maak julle gebruik van die gryswater, en dan sê maar nou net op 'n dag sê die Minister daar gaan x-getal water nie meer hier verby kom nie, dan tel julle argument nie meer nie. [J. Kroon] Kan ons dit 'n kwelvraag maak en notuleer Voorsitter? Ek dink die antwoord kom verder vorentoe. [F. Vogel] Ja kom ons maak 'n nota. [J. Kroon] Dan is daar die "existing lawful water use", en word spesifiek genoem in Artikel 4.2 – 'n persoon kan voortgaan met 'n bestaande wettige watergebruik ooreenkomstig met Artikel 34, en gedeelte 3 van Hoofstuk 4 van die Wet, wat die artikels uiteensit hoe daardie bestaande wettige gebruik bepaal word, en as julle verder vrae daaroor het, lees daardie deel en ons het ook mnr Botha hier wat toeligting kan gee. Dan die water wat geteiken word vir hierdie oordrag word gebruik vir die industrieële sektor, en MCWAP-2, is soos u noem die gryswater, wat die gesuiwerde water van water suiweringswerk wat 'n toenemende bron is, wat stroomop van Klipvoor, maar veral van Hartbeespoortdam, gegenereer word. Die ander ene, let op asseblief, Witskrif (WP-L'82) wat gaan oor die aanvulling van die Vaalkopkanaal, die kanaal van Roodekoppies, dit is die goedgekeurde witskrif in die parlement goedgekeur, staan daar – "all the additional yield of Hartbeespoort Dam, over and above the present water, be reserved for the supply of the future urban industrial development in the region", goedgekeur deur die Parlement in 1982 voor die konstruksie van die kanaal van Roodekoppies na Vaalkopdam toe. Met Vaaldam se water, kom ons begin met waar het hierdie water ontstaan. Watter water is in Vaaldam? Vaaldam is in 1938 gebou, en is gedoen in terme van die 1912 wet. Die 1912 Wet in Suid Afrika, het die konstruksie van infrastruktuur moontlik gemaak om water op te gaar, o.a. in damme en ook 'n legio van besproeiings skemas, soos Vaalharts, Sondags, Loskop, ens. Hoekom het ons 'n dam nodig gehad? Om damme te bou is om water op te gaar in die reënseisoen en om oor te dra deur die winter om die water te kan gebruik. Vaaldam se water op die oomblik is 'n normale afloop. Daar		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	kom ook water wat ingevoer is van ander opvanggebiede in Suid Afrika, en die Tugela-Vaal skema en die Usuthu-Vaal skema en Lesotho. Dan word water uiteraard toenemend, gesuiwer en losgelaat by watersuiweringswerke. Grondwater gaan ook na die damme toe. Daar vind bespoeiing ook plaas in die opvanggebied, en die dreinerings water loop af in die rivier en dit word op die ou einde alles deel, in Artikel 1 (1)(xxvii), van die waterbronne van die Republiek van Suid Afrika. Kom ons kyk wat sê Artikel 1(xxvii). [J. Swanepoel] Is dit regtig nodig om die wetgewing te lees? [J. Kroon] Ja. Roodekopjes is presies dieselfde, en nou is dit alles die mengsel vanaf Hartbeespoortdam, dan is daar... [F. Vogel] Miskien is dit nie nodig om die wet voor te lees nie, want hul het die "handouts". [J. Swanepoel] "Previously we asked the question, why can't dams be built. Everytime there were 2 replies. 1 is there is no money, and 2 is it is international water, it cannot be negotiated and we must first talk to other countries about the water. Now just read that top line again." [F. Vogel] Kan ek net biejie uitwys daar, terwyl die vraag nou kom. Daar is verdere punt wat uitgewys is by, in terme hoekom daar nie verdere damme gebou word nie. Damme wat gebou word maak nie gebruik, in terme van hulle gee nie adisionele lewering op grond van terugvloei water nie. Terugvloei water is 'n konstante stroom, jy bou 'n dam om vloedwater op te vang en dan vry te stel. Botswana, Zimbabwe en Mozambique, wat ons buurlande is in die Limpopo kom, kan nie aanspraak maak op water wat van die Vaaldam af kom nie, want dit is die terugvloei water. Damme wat gebou word daarenteen, maak gebruik van afloop wat binne die Limpopo ontstaan, en daarom is dit 'n internasionale water genoem. Dit is die verskil. "Do you follow that there is a huge difference, between this point and the point of natural runoff?" [J. Swanepoel] "Can I just quantify between natural runoff. Now you people are instigating the toll roads and more and more roads and urbanisation. That is artificial water, that has been produced because of development. Now is that also classified as international water, because that creates the floods, that you just mentioned." [F. Vogel] "It increases the peak runoff during storms." [J. Kroon] Jy moet onderskei tussen vloede – die klein vloede, het plaveisel en teerpaaie 'n geringe invloed, maar 'n 100 jaar vloed of 50 jaar vloed is groter, het jy die soortgenaamde 'sleet flow' wat dan die oppervlaktes, gras en grond spoel dan nie meer 'n rol nie want die water loop als bo-oor, die groot vloede word nie geaffekteer deur teer paaie en plaveisel nie. [J. Swanepoel] "I completely disagree with what you are saying. You telling me that water runs at the same speed on ground than when it runs on cement and zinc roofs? I want it mentioned because that is not true." [A. Pieterse] Is u 'n spesialis op vloedwater?		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	[J. Kroon] Ek het groot damme in Suid Afrika ontwerp. Ek is steeds 'n goedgekeurde professionele persoon en mag damme hoër as 30 m ontwerp. [G. van Rensburg] Ek dink regtig ons mors mekaar se tyd hier, ek wil op hierdie stadium net 'n vraag vra. Glo julle daar is genoeg water om voort te gaan met die projek? Dit gaan bepaal of ek langer hier gaan bly of nie. As julle vir my se Ja, dan weet jy wat dan is dit is irrelevant dat ek hier sit, want weet jy ek wil nie die wet hoor nie, en weet jy wat, weer eens sê ek, ek wil nou weer teruggaan na Makoppa toe – hoeveel keer meneer was julle al daar gewees, daar is 'n meetwal, waar is daardie inligting. Die "bottom line" is daar is nie genoeg water nie. Vergeet van die wet, wie onderhou die wet sê jy vir my? Ek wil vir julle nog 'n ander vraag vra, en julle hoef my nie nou te antwoord nie maar dink daaraan. Ek wil vir julle drie menere vra. Het julle die integriteit, om ons in die oë te kyk hierso en more by Makoppa, en sê, weet jy wat, hierdie projek glo ek gaan tot voordeel wees vir jou, wie by Makoppa boer, of daar onder boer of daar bo is, en nie net dit wie u betaal nie. Ek moet jou kan vertrou as jy hier staan, en ek moet eerlik wees meneer gooi al hierdie syfers en goed hierso, en dit maak vir my geen sin nie, en ek is ook n geleerde man. [F. Vogel] Kom ons raak net rustig. Ek sien dat die aanbidding nie heeltemal aan die verwagting van die vrae voldoen nie, want julle wil nie die wet hê nie, julle wil die begrip verstaan... [J. Swanepoel] Ons wil die praktiese toepassings hê... [F. Vogel] Meneer Kroon kan nie buite die wet optree nie, en daarom moet hy die antwoorde so gee. Wat ons sal doen, ons sal so bietjie minder op die wet konsentreer, en meer op die praktiese toepassing en verduidelikings. Kan ek net vir u meld, dat die hele kwessie van hidrologie is 'n baie komplekse ding, as ons praat van damme, en ons gaan daaroor praat, en as ons praat van terugvloei, die groot ding van terugvloei is dit is water wat gaan meer word en is 'n basis wat jy kan bepaal. Hidrologie is ons en die boere is die manne wat daaglik daarmee gekonfronteer word en is afhanklik van die klimaat en die weer en wat alles. Gelukkig het ons nou vir baie jare al goeie rekords van wat in hierdie opvang gebied gebeur. Die hele ding is, wanneer daar gekyk word na water, en dit is waar wette belangrik is, is natuurlike afloop word beskou as 'n bron, en terugvloei water word beskou as 'n bron wat gelisensieër word. So wanneer daardie water dan nou terugkom of gebruik word, dan bepaal die wet of die lisensie hoe daardie water, wat gebruik word, weer moet terugvloei en waarheen dit moet gaan ens, en in daardie proses word daarna gekyk na die waterbehoefte. Ons het reeds by 'n vorige geleentheid gepraat, en dit kom by hierdie vraag van die terugvloei, en die vraag was is daar genoeg terugvloei vir hierdie ontwikkeling en, as dit in die bolope weggeneem word. Dit was die vraag. [Teenwoordige] Die Krokodilrivier is nie n standhoudende rivier nie, hy is kunsmatig. [F. Vogel] Dit is reg. In die analyses wat Pieter van Rooyen vir u die vorige keer gewys het, is daar sprake, nog nie planne op die tafel nie, maar daar is gedagtes, ek weet nie wat is n beter woord nie, om water in die gebied by Pretoria, te hergebruik voordat dit by ander gebiede uitkom,		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	en daardie planne is in ag geneem in die projeksies, en dit was die vorige keer verduidelik. [J. Swanepoel] Voorsitter, u sê vir my 2 weke terug se aankondiging op die TV, dat Rietvleldam en Roodeplaat gaan water “purification” kry, is klaar in julle berekenings in en is versoek in ‘n aansoek wat julle in Februarie ingedien het? [F. Vogel] Die planne van Rietvleldam, was al 10 tot 15 jaar terug op die kaarte gewees. [J. Swanepoel] So u sê dat daardie berekeninge al klaar in julle planne in ag geneem word? [F. Vogel] Ja. [W. Potgieter] U sê dat die hergebruik by Roodeplaat en by enkele ander, ‘n gedagte is op die stadium, maar jy het dit al klaar in berekening gebring? [F. Vogel] Ja, dit is ‘n gedagte en dit is in die vooruitskatting. Ek het gesê dit is nog nie geïmplementeerde projekte nie, en hulle moet nog aansoek doen vir ‘n lisensie. Dit is planne wat in ag geneem word en is deel van die Rekonsiliasie Strategie. [W. Potgieter] U het gesê dit is ‘n ‘gedagte’. [F. Vogel] Jy kan onthou dat ek gesukkel het om die regte woord te kry. [J. Botes] My vraag is die volgende, hier is afloop water. Die wet sê, gebaseer op die afloop water wat in die rivier afkom is daar sekere regte toegeken teen die rivier af wat oor ‘n sekere tydperk gewees, waar ons heel laaste in die lyn is. Nooit was daar in die wet gedifferentieer tussen afloop water en nie afloop water nie, daar was nooit ‘n gedeelte in die wet en wat spesifiseer dat hergebruik van afloop water wat uit die stelsels uitkom, geoormerk word vir ‘n spesifieke gebruik nie. Hierdie is maar net ‘n gedagte van die Departement om te sê, waar kry ons die water vandaan, deel van die afloop van die rivier. Daar was nooit deur die tyd aan ons te kenne gegee van die persentasie van die water wat in die riviere afloop wat nie rêrig die gebruiksreg van die boer bevoordeel. So my vraag is, ons gaan nou deur die wet om te sê dat watter persentasies van die afloop water in die rivier het hulle geregtig op en wat hul gebruik en nie gebruik nie. Op die einde van die dag is dit irrelevant ten opsigte van wat op die grond gebeur hier by die besproeiings boer. By die besproeiings boer, kom hier soveel water af teen die rivier, en ek aanvaar hier is nou ‘n klomp wetgewing, en glo dat as eendag hof toe gaan, sal die advokate dit uitsorteer van watter wet, wie en waar. Ek dink vir ons op die einde van die dag, is dit belangrik om te hoor, heel eerste die doelwit van hierdie hele navorsing. Is dit nie die doelwit om seker te maak dat geen boer moet benadeel word, of is die doelwit daar om seker te maak dat die boere so min as moontlik benadeel word. My vraag is, gaan iemand benadeel word en watter persentasie, wat is die sosiologiese impak wat daardie persentasie benadeel op die omgewing, dit is oor water waar dit op die einde van die dag gaan. Wie gaan op die einde van die dag bankrot gaan, hoeveel werk gaan daar wees, ens. Of is die doelwit van die projek dat ons uit hierdie projek ‘n aanbeveling kry dat geen persoon wat water regte het		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	benadeel gaan word nie. Dit is al wat vir ons van belang is. Die feit is, word ons benadeel, en dit is die doel op die einde van die dag van die impakstudie, is om te sê menere maak voorsiening, jy gaan met 50% van jou watergebruik benadeel word, of glad nie benadeel gaan word nie. Die Department se doel is, en moet wees dat geen boer hierdeur benadeel moet word nie, en dit is wat ons graag wil hoor op die einde van die dag, en as dit so is, hoe gaan julle daarby uitkom. Huidiglik kan ek vir jou sê dat die Makoppa boere trek reeds swaar sonder water, en of hy geregtig was daarop of nie, is irrelevant, maar hy trek reeds swaar sonder water. Die beginsel is, hoe gaan u stelsel voorsiening maak dat ons nie ten koste van 'n derde party wat ingeskakel word vir die gebruik van water, die eerste gebruikers van water nie benadeel gaan word nie, want ons het op hierdie stadium die eeste gebruik van die afloop water. My vraag is, hoe gaan ons by daardie punt uitkom en hoe gaan julle aan ons bewys dat ons as Makoppa nie ten koste van Ellisras se gebruik, benadeel gaan word nie? [R. van Tonder] Ek het twee aansluitings/aanmerkings van Makoppa. Ek het 3 vrae in 'n ry wat ek wil vra. Waarvoor gaan die water aangewend word op Ellisras? Die laaste brief wat ons oorhandig het aan die Voorsitter wat by Waterwese was, was daar gesê ons behou die reg bo om appêl aan te teken, en die laaste opmerking is, hier is alreeds te min water vir die bestaande gebruik. In die koerante is dit algemeen bekend dat dit sal vir Eskom goedkoper wees om die verdere bouwerk van Medupi te staak as om dit te voltooi. My heel laaste aanmerking is dat die Chartered Standard Bank van die Wêreld, het met ander nationale banke gese dat hulle geen finansiering leen vir steenkool kragopwekkingstasies nie. So waar gaan geld vandaan kom vir hierdie leening? [F. Vogel] Ek dink ons sal die vrae aangaande finansiering en oor Medupi, sal ons later bykom. Twee vrae wat meneer Botes geopper het. U het gesê, u het die eerste gebruiksreg op die rivier, maar dit is feitelik verkeerd op grond wat die wet bepaal. [J. Botes] Nee, "okay" nie die klassifisering van water nie, maar die huidige gebruik van water wat weggeneem word ten koste van die gebruik van 'n verdere partye, en ek wil dit hier ook noem dat die verdere party gaan nou vergoeding betaal vir die water wat gebruik gaan word, terwyl 'n party wat huidiglik die gebruik van water daar het, benadeel gaan word. [F. Vogel] In terme van inligting wat ons alreeds gegee het, en geskiedkundige inligting wat ek het, Mnr. Kroon het vir u uitgewys dat daar alreeds in die tagtige jare met die bou van die skema uitgewys is dat die terugvloei water word voorbehou vir industrieële gebruik. [L. Scheepers] Mnr Voorsitter ekskuus, hy het duidelik gese die wet van 1982, 'extra yield' van Hartbeespoortdam, maar waar is die "extra yield", want anders sou ons damme elke dag oorgeloop het mnr Kroon. Die wet van 1982 het daar gestaan, Mnr het dit vir ons uitgewys "the extra yield". [J. Kroon] Kan ek net vir u vra, wanneer laas het Krokodil-Wes waterbeperkings gehad, voor 1990? [L. Scheepers] Meneer Kroon, ons het 'n "meeting" gehad net voor julle laas by ons was. Ons het biddag daar gehad. Ons dammetjie was so		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	leeg meneer en die Here het vir ons reën gestuur en dit het ons gered. Moenie met my daai kaart speel nie mnr Kroon, ons is nie van gister af hierso nie. Dit is vir my verkeerd dat mnr Kroon ons aanval met wette. Soos wat hier nou-nou gesê is, hier was aan ons gesê dat hierdie “company” aangestel is om almal se belange te beskerm, en ‘n objektiewe besluit te neem, maar alles wat ons sê, sê mnr Kroon die wet sê so, maar ons sê ons is nie “happy” nie, maar meneer sê die wet sê so. [J. Kroon] Maar ek kan nie buite die wet gaan nie. [Teenwoordige] Dan wat is jou funksie hier, laat daardie man bly praat want het al ‘n paar redes gegee. Ons is klaar met leer. [L. Scheepers] Dit is asof ons geveg word, want alles wat ons sê, word daar nuwe wette voor ons gegooi, maar julle het gese die “meeting” is hier om ons belange aan te hoor, en nou sê ons, ons sien nie die ekstra water nie en en julle praat net van ander wette, maar eintlik “bully” julle ons maar net uit die deur uit. Dit is nie ‘n mooi manier om dit te doen nie, mnr Kroon. [Teenwoordige] Doen jouself die guns en gaan lees die lêer. [A. Pieterse] Ek sien u lag mnr Kroon, is dit n grap? Dit is vir ons ernstig, ek weet nie wat is snaaks nie mnr Kroon. [L. Scheepers] Meneer Kroon moet nie lag nie, want elke ou wat hier sit maak sy lewe uit grond en uit water uit, en ons voed die nasie. Nee meneer Kroon dit is onvanpas om te lag meneer. My vrou en my kinders leef uit die grond uit en dit is nie vir my ‘n snaakse ding as iemand vir my kom sê hulle wil my water vat wat ek betaal nie. Ek het 200 arbeiders wat vir my werk en ek betaal die “minimum wage”. My boerdery mnr Kroon is verantwoordelik vir 100 000 koolkoppe ‘n maand wat meneer Kroon by Woolworths koop. [J. Kroon] Onthou net wat ek in die begin gesê het, op die ou einde gaan hierdie water toegeken word volgens sekere prosedures en regulasies ens. En ja, dit is hartseer om dit te hoor maar dit is ongelukkig die waarheid. Die mense wat die lisensies toeken op die ou einde, en die watersuiwerings wat in die nuus was is ook as ons aangaan, daar is net een lisensie toegeken. Om aan te sluit by meneer Vogel se storie oor hergebruik van water in daardie gebied, net by Themba, is ‘n lisensie toegeken. In die rekonsiliasie, is die water laat en sal eers in 2020/22 gebruik kan word by die een stasie. Dit wat u in die nuus gesien het, het ek ook gesien. Daar is nog nie ‘n lisensie aansoek van daardie owerheid nie, daar is nog niks nie, maar dit is wel in die nuus. [J. Swanepoel] Meneer Voorsitter ons wil nie oor die wet praat nie, ons verstaan dit. Kom ons sê vir mekaar, daar is net een oplossing om hierdie ding so sag as moontlik vir almal te maak, tot die maksimum voordeel, en dit is ons versoek, gee vir ons die damme se afmetings. Hier is genoeg water vir die skema om ‘n Roodekoppiesdam, in die afgelope 8 jaar, twee kere van dolleeg tot vol te gemaak het in Vlieëpoort, en dit is die feite van die hele saak. Nou vra ons vir julle, “don’t come and tell us that the Department does not have money. Then we need to look at another way of handling it. Then we come together and talk to us and tell us what you can generate to help funding and		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	na gekom. Het oom nou net gesien hoe lyk my grasperk daar buite. Weet oom hoekom lyk my grasperk so daar buite, water, my hele lewe op my plaas is net water ek kan dit nou môre stop as ek nie water het nie, so dit is die realiteit. [W. Potgieter] So waterbeperkings in die Kaap en in Pretoria, ons het al klaar 'n realiteit. As dit droog is, kan ons nie produseer nie, en dan is ek vir niemand kwaad nie, ek is nie dan vir iemand kwaad nie, maar om vir my te sê daar is waterbeperkings in Pretoria, en julle gaan ons nou beperk, dit is nie vergelykbaar nie, dit is 'n aanmerking wat nie in 'n vergadering tuis hoort nie. [F. Vogel] Nee, die hele kwessie van waterbeperkings in ons land, is 'n realiteit... [G. van Rensburg] Ja ons het dit op ons plase al vir jare, ek het vir 6 maande in 'n jaar waterbeperkings... [F. Vogel] Omdat ons meer mense word, en meer behoeftig is, gaan dit 'n groter realiteit word dit is iets wat ons nou sal moet saamleef. [A. Pieterse] Kyk ek verstaan, ekskuus, ek verstaan wat u nou vir ons probeer verduidelik het, en ek som dit kort op, u sê hierdie kwessie van die dam is al lankal terug ondersoek, dit was deel van die analise wat hulle moes doen want daar gaan 'n moontlike behoefte wees vir meer water in die jaar 2025, so maak werk daarvan, en nou verstaan ek wat u sê julle het mense aangestel wat dit gedoen het, en die terugvoering daar was toe dat dit gaan nie werk nie. [J. Kroon] binne 'n sekere mileu... [A. Pieterse] Nou dit is hoekom ek sê ek verstaan dit alles wat u vir my sê. Hou net ingedagte, die verskil is, hoe ek dit sien, onthou op die einde van die dag, wat het intussen verander. Ek self het kom bly op die plaas, daar is nooit geantisipeer deur my dat in 2025 gaan hier 'n stuwal opgerig wees en 100 miljoen of 75 miljoen kubieke meter per jaar gaan hier weggepomp word nie, dit was nooit so aan my voorgehou nie. Intendeel en dit sluit dalk nou 'n bietjie aan by wat mnr Kroon nou-nou gesê het, en mnr Botha kan dit nou bevestig, ek dink dit is 2 of 3 jaar terug. Ek kan op die datum van my verifikasie sertifikaat gaan kyk. Toe is ons almal hier by Jabulanie bymekaar gebring, toe is dit 'n geval van ons moet die verifikasie nou doen, ons verifieer almal se water hier. Ons het begin by die Vaalrivier skema, ons het Marico gedoen en dit gedoen, en dit begin nou vir my alles sin maak hoekom is dit nou so skielik gedoen want op die einde van die dag, hoe gaan hulle nou vir Omgewingsake wys hoeveel water is eintlik nodig hier vir hierdie mense want ons het net soveel geverifieer. Nou loop ek die ding vêr vooruit hoe ek dit nou vir myself uitgemaak het. [F. Vogel] Ek dink feitlik is dit nie heeltemal reg nie. Die verifikasie proses, in hierdie hele rekonsiliasie, word, en dis hoekom ek sê dis 'n lewende ding wat voortdurend aangaan, word die behoeftes van alle gebruikers in ag geneem. Daar waar dit en altyd met die beste moontlike inligting, die verifikasie proses gee 'n beter geloofwaardigheid en 'n akkuraatheid van daardie inligting. Die water behoeftes van Krokodil Wes, Makoppa, die hele opvanggebied, want daar is ander gebiede ook betrokke, word op 'n voortdurende basis		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	opgedateer en die verifikasies is 'n belangrike stap in die proses, om die inligting beter en meer akkuraat te maak, maar die verifikasie word gedoen met die verandering van die wet, die verifikasie word nie net op die Krokodilrivier gedoen, ter wille van die skema nie. [G. du Plessis] Ek wil net gou vir oom sê ek weet nie wie het daar gepraat nie die persoon met al daardie baie syfers onthou jy... [D. Henning] Pieter van Rooyen... [G. du Plessis] Toe is dit mos 'n gemors, dit was nie reg gewees nie. Toe was dit mos 'n probleem en hulle sou dit nog regstel, onthou jy dit was nog in rooi geskryf, ja dit is ook mos verifikasie m.a.w. op daai verifikasie is daar ook op besluite geneem. [J. Botes] Kan ek 'n vraag vra en dit gaan nou eintlik spesifiek daaroor. Ekskuus Ronald, gister het jy gesê spesifiek rondom die gebruik van die Harties dam nou as 'n besproeiingsdam, die gebruik waarvoor hy oorspronklik ontwerp was om deel te wees van die besproeiing, en ek dink gister het ek net gehoor, net voor ons uitgeloop het, oom Rens sou dalk in sy voorlegging of iets, 'n tegniese voorlegging, en ek het net gehoor julle sê ons sal dit nie verstaan nie as hy dit voorhou'. Miskien sal dit goed wees om net weer vir ons daardie siening van die Departement se kant af te verduidelik rondom daardie water en hoe julle dit dan nou sien, want die afleiding wat ek maak van julle kant af, voel julle daar is voldoende water om almal te diens, en sê vir my as ek verkeerd is, daar is genoeg water om almal te diens en die diens beteken rondom die verifiërings en totale gebruik van water in die stelsel en sy takke, en julle voel dat die water wat in die Krokodil loop voldoende is om aan almal, hierdie behoefte wat dit tans het te voldoen en volhoubaar te voldoen met die Ellisras wegpomp van water, en net ten opsigte van wat jy gister daar gesê het en van wat ek gehoor het in die tegniese verslag. Miskien kan julle net weer vir ons verduidelik hoe julle dit beplan van julle kant af, want ek wil, dis soos Gerhardts nou tereg sê, die realiteit vir ons op die grond is, ek loop nou rivier toe en daars niks water in die rivier nie, dis die realiteit. Nou wat gaan verander van hierdie jaar af na volgende jaar of wanneer ookal die stuwal gebou is dat daar rêrig meer water gaan afloop of ten minste dieselfde hoeveelheid water. Ek vermoed nie vir een oomblik dat ons gaan bevoordeel word in die proses nie, maar kom ons glo volgens julle gaan ons nie benadeel word nie, en waar gaan daardie water nou indirek vandaan kom, want op die huidige skema sien ons dit nie. In julle bestuurstelsel sien julle dit maar ons sien dit nie op grondvlak nie. [J. Kroon] Mnr kan u miskien asseblief weer daardie vraag vra want ek dink dis 'n kernvraag wat mnr Vogel in die begin gevra het en dit is, en ek hoor dit hard en duidelik, en mnr Botha is diep betrokke by die verifikasie proses, wat 'n parrallele proses is. Wat verstaan julle onder die bestaande wettige gebruik, want dis die kernvraag. [J. Botes] Ek verstaan oom wil terugkom na die beginsel toe van 'n besproeiingskema waar daar 'n geregtelike gebruik is, versus ons wat 'n voordeel het om water te kan pomp wanneer daar water is. Ek dink dit is waarna jy verwys, in terme van daardie detail van die wet. Die detail van die wet sê, menere julle het die reg om water te pomp wanneer daar water is. Ek dink dit is wat jy probeer na toe kom op die einde van die dag, rondom die wet, en ons sien dit in daardie lig. Ek		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	meen dis wat die wet sê. Ek dink dit is hoekom jy vir ons die wet wou voorlees gister, ek dink nie een van ons verstaan dit anders nie, maar die beginsel van die saak is, ons het tans 'n gebruik uit die stelsel uit met baie verskillende oorde van water, of dit nou gryswater of reënwater of sinkdak water, maar hier kom 'n klomp water verby. Daar is 'n klomp water aan ons toegeken om te pomp wanneer dit daar is. In 'n proses 'n tydperk van X hoeveelheid jaar wat ons almal al boer, waarvan Gerhardt die langste, het daar 'n gemene gebruiksreg ontstaan van die water wat hierdie hoeveelheid water wat aan ons toegeken is as 'n voorreg genoeg gemaak het dat ons volhoubaar kan ontwikkel en boer. Nou wil julle 'n gedeelte van daardie water wegneem en in die proses gaan ons benadeel word, of dit nou gryswater is of nie gryswater is nie. Die beginsel van die saak is, ons het vir 'n sekere tydperk 'n klomp water ontvang wat daar nie vir ons gesê is, hierdie is gryswater jy is geregtig daarop of jy is nie geregtig daarop nie, maar dit was voldoende om die geverifieerde water wat aan ons toegeken is, volhoubaar te benut en ons het almal 'n lewe daarop gebou op hierdie gemene reg as ek dit dan so kan stel. 'n Gemene reg wat ontstaan het en waarvoor ons in die begin vir water betaal het ek dink deesdae vra julle 'n administratiewe fooi, maar ons het vir die water betaal. Nou gaan 'n gedeelte van hierdie water weggepomp word en julle sê ons sal kry wat ons gekry het en ons kan dit nie sien nie. [J. Kroon] Wat verstaan julle van julle gaan kry wat julle gekry het? [J. Botes] Dit wat hier verbygeloop het, soos wat dit nou is, sien ons as water wat dan na ons toe kom, die voorreg wat ons nog het om daardie water te gebruik soos wat dit in die laaste 15 of 20 of 30 jaar hier verbygeloop het, en dit was beïnvloed deur faktore, waarvan die groot ding droogte en nie droogte was nie. [F. Vogel] Ek dink hierdie is die kernsaak want dit gaan hier oor verwagtinge en wat is die verwagtinge wat julle het, en as mens kyk na die geskiedenis van Makoppa, ek het by oom George Fritz daardie tyd het ek hier 'n verslag gesien wat deur Landbou gedoen is en wat ondersoek is, en dit was meer as een keer gedoen, hoekom is Makoppa nie deel van die Krokodil-Wes besproeiings gebied nie. Daar was op 'n stadium besluit moet julle, julle eie besproeiingsraad vorm en dan deel word daarvan. Toe is daar gekyk na die hoeveelheid water wat daar beskikbaar is en daardie uitkoms van die verslag was dat daar nie voldoende water is en dit was dan nou uit Vaalkop en Roodekopjes, om hierdie 'n bestendige besproeiingsgebied te maak nie. So die verwagting om 'n bestendige besproeiingsgebied hier te vestig was dan gegrond dat uit opgaaring was daar nie voldoende water nie. Die positief vir Makoppa was, is die groot opgaring wat daar in die aluvium is en op daardie stadium het die ouens baie van die sandputte elke jaar, elke keer as die rivier afgekom het, die putte en pype in die sandputte gedruk en op daardie stadium het hulle 'n groot mate van bestendiging gekry tot in dieselfde mate as die besproeiingskemas daar bo, so hierdie is nog altyd deur die staat beskou as 'n hoër risiko boerdery as wat Krokodilwes en Hartbeespoort is. So die verwagting wat landbou het in Makoppa, om te sê maar ek wil 1½ of 2 oeste elke jaar afhaal is onrealisties in terme van die hoeveelheid water wat in die opvanggebied beskikbaar is. [J. Botes] Ek wil net inval en sê ons stem met oom saam en ons		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	verstaan toe ons hier kom boer het wat die risiko verbonde aan die besproeiing is. Hierdie faktor wat nou inkom is nie 'n natuurlike faktor uit natuurlike oorsake nie. Ons was verseker dat as daar nie genoeg water as gevolg van die droogtes is nie, dat ons dan in so 'n situasie kan beland. Nou kom daar 'n alternatiewe onttrekking by, wat in ons geval definitief 'n invloed gaan hê. 'n Alternatiewe onttrekking is 'n mens gemaakte beginsel en dit is ten koste van ons, want ons gebruik omtrent 70 miljoen of 60 miljoen kubiek en julle wil 70 miljoen kubieke water onttrek, en dit is letterlik die water wat ons elke jaar gebruik om te pomp. Ons probleem lê in daardie spesifieke konteks, daar is baie water wat verby kom en ons praat van 'n spesifieke tydperk van 3 of 4 maande waar daar 'n massa water verby kom, en ons vraag aan die begin was maar hoekom bou hulle dan nie 'n dam aan die anderkant en in hierdie 3 of 4 maande tydperk, kom ons sê 'n dam is nie vir ons geskore of voldoende plek om 'n dam te bou nie, so my vraag was destyds in die begin gewees maar hoekom bou julle nie 'n dam aan die anderkant, sit 2 groot pype om vir die 3 of 4 maande wat die water kwaai loop, en kry die dam vol. Ek neem aan weereens kostes. Ek dink nie ons het 'n antwoord daarop gekry nie ek neem aan dit gaan oor kostes. Ek weet daar is vir my gesê hulle wou nie die 2 damme se water meng nie, so ons vraag was hoekom bou hulle nie in die klowe 'n opgaardam vir die spesifieke fasiliteit wat hulle benodig nie en daar was nie 'n direkte antwoord daarop gewees nie, die afleiding was daar was 'n direkte koste probleem. Nou vra ons, ons wil nie meer water hê as wat ons het nie, dis nie wat ons vra nie, ons wil net dit wat tans verby kom op dieselfde manier bly gebruik, en as dit dan nie reën nie moet ons plan maak, as dit dan reën, bae dankbaar dis 'n geskenk van Bo af en nie van mense af nie, alhoewel dit bestuur word deur mense, maar wil ons maar net die voorreg te hê wat ons het te bly gebruik, dit is die vraag. So ek dink ons verstaan die risiko wat daar vir ons op Makoppa is en dit was onder 'n besproeiingskema en as ek reg gehoor het, is dit weggetrek jare en jare terug, so ons verstaan en ons sê hier loop 'n klomp water verby en ons wil nie hê daardie water moet geaffekteer word nie, dis wat ons probeer sê. [F. Vogel] Ja ek hoor en ek verstaan wat julle dilemma is, dit is die aanspraak op die terugvloei water, julle wil sê maar ons wil nog dieselfde hê, ons wil daardie terugvloei water wat ons tans gebruik wil ons steeds gebruik en die voordeel wat die terugvloei water vir julle gehad het, is julle het, en as ek nou sê julle bedoel ek die gebied wat oor 'n klompie jare, het verander om van die sand uit te onttrek het verander na die oppervlak water toe en dit het die gevolg dat in die verlede, ek dink dit was juis in die verslag van oom George was daar gesê is die Makoppa gebied het hier in die alluvium, en Josef het gister verwys na die ou wat nou dood is, Hobs, hulle het baie werk gedoen om basies 'n omvangsbepaling te doen op die alluvium, en dit wat in die alluvium gestoor word, is sover ek kan onthou, baie naby aan die ekwivalent aan 'n Klipvoordam en dit het volhoubaarheid vir Makoppa gegee wat hy andersins nie sou gehad het nie. As ons gaan kyk na die geskiedenis hoe die goed verloop het, die besproeiing in hierdie gebiede sover ek kan onthou het gewissel van hier by 'n 1 000 hektaar tot oor die 4 000 hektaar oor die jare heen soos wat die dinge verloop het en dit was beïnvloed toe ons oorgeskakel het van om diesel te pomp na krag pomp toe en toe spilpunte gekom, so dit kom 'n klompie jare. Wat ek vir julle wil laat is en ek dink die een vraag wat ek gehad het, is nou gedeeltelik beantwoord, as ons sê ons benadeel nie die bestaande wettige gebruik van die boere nie, dan verstaan, van wat jy		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	nou gesê het, sien ek wat julle verstaan, dit wat nou daar loop, in 2018, julle wil dit sien en die terugvloei komponent wat in daardie water is vir julle dan nou 'n benutting daaruit kry. [J. Botes] Ekskuus oom en ek dink oom is 100% reg oor hoe ons dit sien. Ek weet mnr Kroon se seining, dit is wat hy op wou uitkom gister met sy wetlike aanbieding, is om by 'n punt uit te kom waarop is jy geregtig. Met respek gesê, die terugvloei water behoort nie effektief aan Tshwane of Johannesburg nie, dit is indirek water wat gekoop was. Ek verstaan dit is 'n bestuurkonsep, dit hoort in werklikheid aan 2 stede waarvan die water vandaan kom, as ek my wetlike kant reg het. Die beginsel van die saak is die water kom af met die rivier vir baie jare wat ek hier was en mens besef dit as jy dit ruik nie waar kom die water vandaan, maar dit is nooit eers aan ons uitgelig dat hier kom water nou hier af wat jou nie toekom nie, en ek praat nou streng op 'n boer vlak, hier is 'n klomp water in die rivier wat nie eintlik rêrig aan jou toekom nie met die kom van die dam is dit rêrig vir die eerste keer begin uitwys van julle kant af. Daar was onderskeid getref tussen watter water behoort aan besproeiing en natuurlike afloop en watter water behoort aan iemand anderste, maar vir my as 'n boer sien ek dit as daar is water in die rivier, ek pomp dit en ek probeer 'n lewe daarvan maak, dit is hoe ons dit sien. [F. Vogel] Ek dink die beginsel van waar die verskil dan lê is dat die benadering wat die Departement van Waterwese was dan nou juis om te sê, ons het hierdie ontwikkeling nodig wat vir die land tot voordeel is, en ons moet water neem, en aanvanklik was Sasol by maar nie meer nie, en waar gaan ons die water kry, en dan was daar gesê, en ek dink dit is waar Jaap gister uitgewys het dat dit was nog voortdurend in al die dokumentasie van die departement dat hierdie terugvloei water is vir industrieële gebruik. Daar is dan nou gesê maar goed ons kyk na Hartbeespoort en Krokodil-Wes en hulle kry die water so uit hierdie damme en dit is dit, en die oorloop water wat dan na Makoppa toe kom moet voorbehou word. Wat die Departement nie gedoen het nie wat nie gesê is nie was hoe moet ons die boere se situasie verbeter, daar is nie gekyk hoe om die boere se situasie te verbeter nie. [G. van Rensburg] Nie verbeter nie, net dieselfde te hou. [F. Vogel] Jy moet net onthou wat ons gedoen het, was om te sê: om dit dieselfde te hou wat hulle op geregtig is, dit is nou verskillend en dit is waar die verskil nou inkom. [A. Pieterse] Presies, ons stem nie saam daarmee nie. [F. Vogel] Nee julle stem nie saam daarmee nie, maar dit is... [G. van Rensburg] Donavan, hoor jy, vir die heel eerste keer sê die 2 ooms vir ons wat ons van die begin af sê, jy hoor wat sê hulle vir ons, wat oom vir ons duidelik sê is ons het die water gekry, maar ons gaan nie meer daardie water kry wat ons gekry het nie... [F. Vogel] Die riool water... [G. van Rensburg] Oom ons het reeds nou niks nie, so ons gaan nou nog minder kry. Dis definitief wat oom nou vir my sê, hoekom sê oom dit nie in die verslag nie hoekom moet dit so weggesteek wees. Ons		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	moet mekaar in die oë kom kyk dit gaan oor integriteit kyk my in die oë en sê vir my luister ek gaan jou water vat, jy is nie geregtig daarop nie so jammer, sorry. Daardie storie van die ondergronds, weet oom wat dit was onderhandelings wat ons oupas gedoen het of wie ookal wat ook gedoen het. Hier gaan dit oor iets anders, hier gaan dit oor ons reg. Ek ken 'n paar grondwetlike regte, ek voel ons is besig met 'n doodloop, dit help nie ons probeer redeneer oor hierdie punt nie maar ons het nou gehoor wat ons wou hoor en ek hoop Donovan, jy hoor wat hulle sê want dis wat hulle sê en verstaan hoekom voel ons so ongelukkig. [F. Vogel] Nee, kom ons vat nou die dam storie, toe daar aanvanklik gekyk is, en daar was baie groot syfers van hoeveel water hier na Ellisras se kant toe moes gaan, en daar is na baie verskillende opsies gekyk na wat moet gedoen word om die water te voorsien. Een van die opsies was nie om die water weg te vat of die besproeiings water weg te vat nie, maar ons sê man kom ons vat nou Roodekopjes se water alles weg en ons betaal almal daar uit, dit was nie die uitgangspunt nie. Die uitgangspunt hier was die hele tyd ons het hier gevestigde sosio-ekonomiese infrastruktuur en strukture, ons moet kyk dat ons die bestaande onttrekking wat wettig is (as 'n ou nou onwettig onttrek is dit nou sy saak) moet behou word, en toe is daar gekyk, daar is gekyk na die verhoging van Klipvoordam en na allerhande opsies gekyk, dit is amper te veel om te noem, en die kwessie van damme is ontleed op die basis van nie om 'n plan te teken van hoe die dam gaan lyk nie, maar om te sê as ons 'n dam hierso sit, hoeveel water kan ons kry. 'n Dam by Vlieëpoort, die bietjie addisionele water wat hy gekry het, was toe nie voldoende nie, maar dit was gegrond op die basis van dat dit was nie voldoende vir Ellisras nie. Of daardie bietjie water wel 'n verskil kan maak, en dis dieselfde met die verhoging van Klipvoor, dat dit wel 'n verskil kan maak aan besproeiing, moontlik, maar so min, wat so baie gaan kos, dat dit gaan nie ekonomies haalbaar wees nie. As daar 'n ander dam gebou word dan moet julle die voordeel wat 'n mens kan kry uit die boerdery, moet vir daai investering kan betaal, of dit direk van die boer verhaal word en of dit gesubsidieer word deur die staat, dit maak nie saak nie, dit beteken die voordeel moet meer wees as jou investering, dit maak tog net sin, ekonomies, en op hierdie stadium was die beleid, en as ek sê op hierdie stadium was dit alreeds in die negentigs en die tagtigs, dat daar nie meer water vir besproeiing gegee moet word nie, buite vir enkele plekke soos die tyd toe Vanderkloof gebou is vir besproeiing wat nog nie opgeneem was nie, daar in die Oos Kaap van die riviere daar. Vir die res van die land is daar gesê die water wat beskikbaar gestel word, is vir huishoudelike en nywerheidsgebruik. Die besproeiing se investering van die staat se kant af kom op die basis van om te help om meer optimaal te kan besproei en eintlik dan om daardie water wat jy dan kan bespaar om dieselfde produksie te handhaaf met minder water, en dat ons dan die water kan gebruik vir huishoudelik. So dit was nie ooit 'n ondersoek om te sê moet daar 'n dam gebou word om die besproeiing te bestendig nie, dit is nie na gekyk nie. Daar is gekyk hoe daar 'n dam gebou word om water beskikbaar te stel vir oorplasing, en dit was uiteraard onvoldoende hoeveelhede en so aan. Of 'n dam, en uit die vorige ondersoek, en ek is seker die Boerevereniging wat Oom George toentertyd die Voorsitter was, ([A. Pieterse] dis dieselfde een as nou hy is nog steeds 'n lid hy is net nie meer die voorsitter nie) maar daars 'n klompie inligting wat julle het wat al na die goed gekyk het en mens kan nou weer ou ponde en sjelings en pennies en ou rande gaan		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	vervang met nuwe rande maar dit gaan nie die basis verander nie. Al wat verskil is dat Eskom krag het hemelhoog gegaan sedertdien. So dit is hoekom, ek dink die hele kwessie van 'n dam is sekerlik iets wat die Departement van Waterwese dalk na moet kyk uit 'n sosiale verantwoordelikheid, om te sê man kan ons na hierdie ondersoek of wat ook al, maar dit sal nie 'n ding wees vir vandag of môre nie, dit sal 'n onderwerp wees wat dalk in die Rekonsiliasie proses en die begrotingsproses ingevoer kan word. [J. Botes] Ekskuus, oom kan net nou klaar praat. Die vraag wat ek gister gevra het, oor die proses wat Donovan en die staat doen hier, is 'n proses wat gaan met die doel om te kyk hoe kan ons die gemeenskap of die huidige gebruikers so min as moontlik beïnvloed en hierdie proses byvoeg, ek dink dit is tog die doel op die einde van die dag van die proses is om seker te maak dat die invloed nul of minimaal gaan wees. [J. Kroon] Op die wettige gebruikers... [A. Pieterse] Mnr. Kroon, asseblief, ons is almal wettige gebruikers. So insinueer u ek is 'n onwettige gebruiker? Daar is mnr. Botha, ek sal my verifikasie sertifikaat gaan haal, ek sal hom wys wat ek doen. Sê u hy is onwettig? Asseblief die gesindheid is goed. Hou jou opmerkings, ek sien u lag weer. [J. Kroon] Die punt is, die punt is, die somtotaal daarvan wat hy in sy som het, is minder as die somtotaal wat hier onttrek word. [F. Vogel] Ek wil net nog een dingetjie ook aanraak, en dit is, as ek nou 'n besproeier is hier in die Makoppa gebied en ek het tot dusver voordeel getrek uit die riool afloop wat hier is, en julle sê jul ruik hom partykeer nê, en ek het 'n voordeel gehad wat ek nou nie meer gaan hê nie, dit gaan my nou, om jou woorde te gebruik, dit gaan my nou affekteer. Wat is my opsies, en die een ding is wat ek vra kom ons kyk na die projek soos wat hy nou verloop het, hy het aanvanklik begin in 2008, 2009 dit was op die punt om 'n emergency te wees, 'n noodprojek want hierdie ding was verskriklik vinnig, en toe het daar 'n klomp goed gebeur met Sasol wat afgeval het en die ekonomie in 2008 al daardie invloede van die ekonomie en lenings en wat als, baie myne het toegemaak en die krag gebruik in Suid Afrika het baie afgeneem, en hierso wil ek dit nie interpreteer namens julle, ek wil hê julle moet self daarna kyk, die energieplan (die IRP) wat hulle nou aangewys het, wys op die oomblik dat daar minder steenkool gaan wees, en daar word nou, en dit is nog 'n konsepverslag, daar word nou gepraat van krag wat van die Kongo af gaan kom, in die verslag wat ons nou nie oor seker is of dit gaan gebeur nie, maar die punt wat ek wil maak is dat die projeksies wat gemaak is en wat ons vir julle kommunikeer is in 'n baie groot mate 'n 'worst case scenario'. As ons kan sê dat ons vir die slegste situasie, nie julle wettige aansprake gaan affekteer nie dan beteken dit as ons nie die slegste ding het nie, dan gaan die impak dan mos nou minder wees. [G. van Rensburg] Oom is weer op projeksies, ons praat oor die realiteite... [F. Vogel] Daar is 'n verskil, daar is 'n verskil tussen wat 'n verkoopsman vir jou sê en wat ek vir jou sê. As daar 'n kragstasie		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	gebou word dan gaan hy water nodig hê. Wat die ouens nou sê is, daar gaan dalk een minder kragstasie wees, so daar gaan een kragstasie minder se water wees, so of dit môre of oor 5 jaar is... [A. Pieterse] Nee ek verstaan, so sê u vir my daar is 'n moontlikheid dat julle nie 75 miljoen kubieke meter per jaar gaan uitpomp nie, maar net 35 miljoen kubieke meter? [F. Vogel] Ons weet op hierdie stadium nie, maar wat ons sê is die projeksies wat ons gedoen het, en ook die tyd, daar het nou heelwat tyd verloop nê... [J. Kroon] Soos die situasie nou is, gaan ons nie die projek klaar hê teen 2024 nie, ons mik nou vir 2025. So dit is 'n jaar later, en in alle waarskynlikheid minder water. Dan Tshwane, is ook laat, so daardie een wat vroeër sou klaar gewees het, is nou eers 2022. So dit is hoekom in daar een aspek wat gister genoem het, die monitering moet voortgaan, en van die risikos wat mnr. van Rooyen vir u uitgewys het voorheen, is kleiner en oor 'n korter periode a.g.v. daar is nog net een hergebruik lisensie toegeken deur die Minister om die terugvloeewater te gebruik vir suiwing, wat dan nou nie meer afloop nie. Net een, nie meer nie, net een. Dan in alle waarskynlikheid is MCWAP 2 kleiner, en 'n klein bietjie later wat die vensterperiode verleng. [A. Pieterse] Ek hoor wat jy sê mnr Kroon. Ek wil afsluit en ek wil vra kom ons sluit die vergadering af. Kom ek sê vir u hoe som ek hom vir myself op. Ek praat nou uit my eie mond uit. Ek hoor alles wat u vir my sê. As die 2,4 of 2,6 meter wye tunnel loop hiervandaan, en ek beplan soos mnr Vogel vir my gesê het 1½ oeste 'n jaar op my lande te sit, en ek loop en ek druk daai knoppie daar, en u start u pomp daar, en u pomp daai pyp vol water daaikant toe, en ek kan nie my 1½ oeste afhaal nie, vir wat ek 'n verwagting gehad het... [W. Potgieter] Wat binne jou wettige gebruik is... [A. Pieterse] Wat my wettige gebruik is volgens wat u vir my sê, wat nie geaffekteer gaan word nie, dan is ek ontsteld. Dan gaan u my hoor, maar dan is die pypleiding klaar gelê. Dit is al wat Gerhard vir u sê. Ek hoor alles wat u sê, maar 5 jaar later, as jy hier begin pomp in 2025, dan is dit te laat. Al wat ek vir u wil wys is, ek wil vir u wys, dit wat julle vir ons voorstel en voorlê, is nie vir ons aanvaarbaar nie. Dit is nie so maklik prakties uitvoerbaar soos wat julle wil voorgee dit is nie, dit is nie en ek gaan dit vir u bewys. [J. Kroon] Maar ek is bekommerd julle gaan nou, met die grootste respek, julle wil nou geld spandeer en dit is hoekom ek daardie vraag gevra het, is binne watter raamwerk gaan julle dit doen want as julle dit binne, as julle net sê kom ons sê kyk na die water nou, en so en so in 'n dam, dan is julle met respek op die verkeerde pad. [A. Pieterse] Ek sal advies inwin by die gepaste persone. Ek hoor wat u vir my sê, ek sal dit in aanmerking neem. Ek sal dit uitwys, ek sal vir die ouens sê ondersoek hierdie raamwerk, kyk daarna, hoe gaan ons hierdie saak hanteer, en dit is al wat ek vir u kan sê. Op hierdie stadium is dit vir ons 'n erge bekommernis, dit is 'n erge bekommernis wat ons meer gekonfronteer word op die oomblik, en ons moet werk maak daarvan, en dit is nie vir ons aanvaarbaar nie.		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	[W. Potgieter] Nee wag, Rens, vinnig net gou, ek hoor prosesse, ek hoor wetlike, ek hoor 'n raamwerk, ek hoor 'n strategie, en en en. Ek hoor ook dat die huidige beoogde keerwal die regmerke gekry het om aan al hierdie wetlike regulatoriese raamwerke en, en, en te voldoen het. Ek hoor ook, daar is nooit deur die Departement aandag geskenk om 'n dam te bou om die volhoubaarheid van die besproeiing te verseker nie, te verbeter nie, maar die keerwal voldoen aan al daardie goed, en die bereidwilligheid om net ons harte te hoor en te sê, mense hier is 'n gemeenskaplike oplossing, hoeveel water gaan die keerwal stoor, hoeveel hoër moet hy word, hoeveel een of 2 plase wat waarskynlik nie eers besproeiing doen nie stroomop word oorstroom, en almal is gelukkig, en dit is hoekom ek eintlik aan die begin van die vergadering gesê het, ons kry die gevoel daai verslag is gedoen, dit is hoe hy is, ons gaan hom nie verander nie, maak wat julle maak, en dan is dit eintlik kom ons drink koffie en praat rugby. Hier is twee loopgrawe, ons skiet mekaar met woorde, en eintlik wat ons sê is hoor hier, weet jy wat, hier is 'n oplossing, al beteken dit op die ou einde van die dag hierdie projek word met nog 'n jaar of 2 uitgestel, maar dan is die oplossing volhoubaar, die water sekuriteit is ook daar ter wille van Ellisras, en julle projek. Ons hoor daar is zero, nie 'n millimeter van daai kant af beweeg julle in ons rigting nie, en ons het 'n probleem met die gesindheid, en daarmee sluit ek af. [F. Vogel] Wynand, ek wil net terugkom na 'n ding wat ek dink dit is jy wat dit gister gesê het, en ek dink jy moet dit nie uit die oog verloor nie. Kom ons aanvaar nou Vlieëpoort se keerwal is gebou en die pompe begin nou loop en dit bou nou stadig op na wat ookal die hoeveelheid is, 70... die water moet uitgelaat word by Hartbeespoort, moet deurloop na Roodekopjes, wat dit moet deurlaat en dit moet deurkom tot daar, en iemand hier van julle, en ek dink dit is jy wat gesê het, dit is 'n afstand van 120 km... [W. Potgieter] Ek dink dit was dalk Oom Josef wat gesê het die afstand is 170 km vanaf Roodekopjes, ek dink so. [F. Vogel]... en toe sê hy maar dit is onmoontlik, jy weet dit is nie 'n pyp met 'n kraan wat jy kan oopmaak, en as jy hom oopmaak dan is die water daar nie. So daar moet 'n bedryfstelsel wees wat die water moniteer. Nou weet julle mos hoe werk so ding, jy laat uit, dan word dit bewolk en dit reën 5 mm, die ouens pomp minder, en die verdamping is minder, en dan loop daar water oor die stuwal. Wie kry die voordeel daarvan, dit gaan in die alluvium in en kom ook met die rivier af. As daar 'n tekort is, dan moet die opgaring wat wel daar is, daardie een miljoen opgaring, moet nou en dan gebruik word moet hom nou dan kan deurbring om voorsiening te maak vir tye wat daar dan nou vir 'n dag of wat die water daarbo nog nie die keerwal breik het nie vir 'n voorsiening aan die ouens by Ellisras. Vir langtermyn onderhoudswerk, moet hulle 18 dae opgaring hê sodat hulle nie vir die wisseling van die wal ervaar nie. [J. Kroon] So jy pomp 'n bietjie meer as die gemiddeld om op te maak vir hierdie periodes... [F. Vogel] Die opgaring is dan baie duur. So wat ek vir julle wil sê is, en dit gaan nie lekker gekwantifiseer wees nie, maar as die projek eers gebou is, gaan julle sien skielik kom hier water oor wat jy nie verwag		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	het nie, van die verliese. Wat ons wel voorgestel het en dit is in die dokumentasie, dat daar meet strukture moet wees en die meet strukture op die Sandrivier en Bierspruit om seker te maak dat as hierdie dam nou leeg is, en daar kom nou 'n reënbui en maak die Sandrivier vol en dan loop dit oor, al die water wat in die Sandrivier afgekom nie weggepomp word nie, maar dit loop oor of word losgelaat. [A. Pieterse] Die Sandrivier, kan ek net vir u sê, en ek wil nie in 'n argument betrokke raak nie, ek het my plaas in 1996 gekoop, en ek wonder of hy 3 keer al geloop het van 1996 af, ek sê maar net. [G. van Rensburg] Hoekom koop Waterwese nie eerder ons waterregte, die bietjie wat ons het, nie uit nie, dan bou julle en dan worry ons niks nie... [A. Pieterse] Nee, my waterregte is nie te koop nie. [F. Vogel] Goed kom ons, as ons nou by 'n slotsom kan kom, en as nou kyk in terme van die proses. Ek dink vir die boere as ek nou, en ek wil nie namens julle praat nie, want ons moet twee prosesse volg, en dit is om te sê, om na die Departement toe te gaan en te sê die Minister is die trustee van die water, en as sodanig is daar 'n behoefte om hierdie besproeiing te stabiliseer, hetsy die departement dan 'n ondersoek doen, of as alternatief, as julle self ondersoek instel na die moontlikheid van 'n dam. [A. Pieterse] Kan ek u onderbreek, hierdie is nou vir my so insiggewend dat u nou met so 'n voorstel kom, want dit is wat Wynand nou-nou gesê het, al klaar is dit vir my, dat julle nie meer so stereotiep kyk nie, verstaan jy, want dit is vir my eintlik 'n belangrike ding wat jy nou hier opnoem, want op die einde van die dag, hoe gaan ons 'n oplossing kry, ons moet maar saampraat na 'n oplossing, dit is so eenvoudig soos dit. [F. Vogel] Kyk die staat, met die posisie van die staat se finansies, gaan hulle dalk vir jou sê "ons sal daarna kyk" maar broer – 10 jaar. [W. Potgieter] Hoor gou, ek wil aansluit by dit, ekskuus ek val Oom nou weer in die rede. Oom Josef het gister die aanmerking gemaak, hulle praat met daardie Mamba sementfabriek, hulle praat met Chinese ambassades, om te sê, hoor hier meneer sementfabriek, julle is ook onder 'n bedreiging, ons oplossing is... so ek dink hier kan 'n spanpoging kom dat 'n ou nie net hoof staat te maak op die Departement van Waterwese se begroting vir damme bou, wat waarskynlik 'n ronde nul is nie. Daar mag 'n potensiële bron van alternatiewe befondsing wees. So dit is van die klippe wat ons bereid is om om te rol en dit is die gesprekke waarby ons bereid is om betrokke te raak om regtig te kyk hoe maak ons altwee werk. Hoe kan ek aangaan met my lewe sonder om 'n aartsvyand te gemaak het, of sonder dat julle aangaan en my keel afsny. Dit is ons begeerte, ek sit dit weer op rekord nê, daar is 'n gemeenskaplike oplossing. [J. Botes] Ek wil net daarby aansluit, en dit is waarheen ek net nou op pad was met jou. Dit is iets wat ons graag in die verslag sal wil sien. Dit is eintlik waar ons probleem in die ondersoek lê, is hoekom is hierdie ding nie aangespreek in hierdie vorm om te sê die uiteinde is dat hier gaan 'n klomp water weggeneem word, waarop ons dan by wyse van		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	wet nie geregtig was nie. Nou om hierdie mense onder hierdie kant nie verder te benadeel nie, kan ons kyk, is dit die voorstel van die departement af dat so 'n opsie oorweeg kan word in die toekoms of vir nou. Dit is eintlik waarheen ek dink ons almal met hierdie gesprek en romdom hierdie ondersoek van julle op afstuur. Ons sien niks in julle verslag wat ons enigszins handhaaf nie, op huidige gebruik handhaaf nie. Dit is wat ons graag sou wou sien en te kan sê Jis julle ouens van 'n departement se kant af, dis hoe hy lyk – grand! Julle ouens se geregtelike regte lyk soos volg: In die proses gaan hy X verloor, maar hier is 'n gemeenskap en dis waarna ek gister gevra het. Hier is 'n sosiologiese gemeenskap hieronder wat benadeel gaan word en die benadeling lyk soos volg menere, as water weggeneem word nê, gaan soveel mense hulle werk verloor en dit gaan die dorp soveel ekonomies kos, en en en. Om hierdie ding te vermy, sou die volgende 'n moontlike oplossing wees om seker te maak dat hierdie gemeenskap nie op enige manier benadeel word nie, en op dieselfde vlak gehou word, en dit sou wees – A, om 'n dam te bou, of wat ookal julle oplossing was. Ons word nêrens geakkommodeer nie, en ek sê nou vir jou 'n klomp boere, werksmense en die dorpe gaan in die proses benadeel word en dit is eintlik al wat ons vir julle probeer sê, van julle kant af, ons stem nie saam met die verslag nie want ons word nêrens geakkommodeer nie. Die staat word geakkommodeer, en die staat kan vir ons bewys deur sekere modelle dat dit en dit en dit gaan plaasvind, daar is wetlike goed wat ons beperk, en dit is wat jou verslag sê. Waar kom ons in die prentjie, en dit is eintlik al wat ek vra. [F. Vogel] Ek sien heeltemal jou punt. Ek dink die punt het daar gekom by die kwessie van kommunikasie gaping, dit was een van die basiese uitgangspunte van ons moenie die bestaande regte affekteer nie, en daarom is daar nou verder gekommunikeer, dat daar nie gekyk is nie is om dit te verbeter nie en ek dink daai punt het in al die detail en so aan bepaal, jy weet, om onsekerheid te veroorsaak. Ek dink dan jy weet, dit is dan nodig dat mens 'n verdere... [A. Pieterse] Kan ek net vra, kan julle gister se notule voltooi, en ek weet nie hoe vinnig dit beskikbaar sal kan wees nie. [D. Henning] Wat ons wil doen, ons wil skryf soos wat dit gebeur het, en ons wil die aanbieding as 'n bylaag aanheg want daar is antwoorde daar in, maar dan gaan ons hom maar net presies soos dit gevoer is, aandui wat gebeur het, en wat gesê was, en dit is nie verbatim nie, dit is nie woord-vir-woord nie... [A. Pieterse] Ekskuus, ek wou dit vir jou genoem het, ek het opgemerk uit julle vorige notules, ek het hulle almal deurgewerk. Wat daar getik is, is wat daar gesê is, maar daar is ook goed weggelaat wat ek spesifiek weet mense geopper het wat nooit in die notule genoem is nie. Ek sê dit net vir julle, ek probeer julle nie kritiseer nie. Ek wil net my versoek nou rig, vanoggend se notule, kyk asseblief dat hy so volledig as moontlik kan wees, asseblief. [D. Henning] U is geregtig daarop. [A. Pieterse] En gister s'n aanvaar ek dat hy gaan kleurvol wees, en vanoggend s'n behoort nie so kleurvol te wees nie. [D. Henning] Johan, jy het nou gepraat oor die verslag. Soos wanneer		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	ons 'n impak identifiseer as deel van ons proses, veral 'n noemenswaardige impak soos water, dan gebruik jy 'n metode wat jy sien hoe kan jy die impak versag. Die eerste prys wat jy voor mik is, neem die impak weg totaal en al. Maklik genoeg miskien met 'n vleiland wat jy kan vermy met 'n pyplyn, maar moeilik in ander gevalle. In die volgende raam is om te kyk hoe verminder jy die impak, en ek dink dit is waar julle speel, tussen verhoed en verminder. Daar is verdere bronne, maar ek verstaan heeltemal wat jy vir my sê. Wat julle lees in die verslag op hierdie stadium, en dit word op verskeie plekke genoem, maar hy praat oor bestaande waterregte, hy praat oor die reserwe, en hy praat oor die rivier bedryfsstelsel wat Fanie bietjie na verwys het en dit is die meetwalle ens, om seker te maak die water kom uit waarnatoe dit moet gaan. Nie net na die punt waar die water onttrek gaan word nie maar ook verby dit vir die regmatige verbruikers. [J. Botes] Ekskuus, ek wil net aansluit by jou, ek wil dit net spesifiek noem, en dit gaan weereens oor die wetlike aspek. Die wetlike aspek sê “sekere water is geoormerk vir sekere gebruike” maar wat ons graag wil sien is dat, ons het gewoonnd geraak aan die gebruik van die afloop van die water wat hier verbygekom het, en dit het 'n gemeenskaplike reg ontwikkel, met die gebruik van hierdie water ens. 'n Gemeenskap is opgebou na gelang van wat ons sien gebeur het, en ons het die water gebruik om 'n gemeenskap te ontwikkel. Nou mag dit by wyse wees van die wet wat sê ons is nie geregtig daarop nie, maar dit gaan weggeneem word, maar dit gaan 'n impak hê. Ons kan nou maklik sê ons het nie regte nie, maar dit gaan 'n impak hê. Ons sal sien, wat is hierdie impak, en is die staat bereid om te kyk daarna om hierdie impak, wat ookal dit mag wees nê, op 'n manier aan te spreek en op welke wyse, dan in ons geval 'n dam, wat ookal die beste scenario gaan wees, om dit te minimaliseer of gladnie te laat plaasvind nie, en dit is ek dink waarna ons kyk in hierdie hele proses, want as ons die verslag deurlees, en ek het hom ook deurgelees, sien ek nie Makoppa “feature” nêrens nie, en ek dink dit is wat hulle sê ons praat teen 'n muur en ons word nie aangehoor nie. [D. Henning] Is dit die nuwe een? [W. Potgieter] Ons het nie tyd gehad vir die nuwe een nie. [D. Henning] Ek het vir jou 'n CD ook gegee saam met die verslag, en ek dink dit sal makliker wees as jy wil as jy die CD gebruik, maar dis op die ander een wat hier êrens afgelaai is. Wat ek kan doen is ek gaan vir jou 'n CD kom aflaai met al die tegniese verslae, insluitend die Rekonsiliasie Strategie van 2015, ek dink as julle iemand aanstel sal hy sommer vinnig kan kyk, en dan sal ek ook seker maak julle kry weer die konsepverslag en dan tik julle in “Makoppa” en “water use” en sulke kernwoorde, want daar was spesifieke, en ons probeer nou, daar is nou spesifieke dele van die dokument waar ons kyk na die impakte op water en op water verbruikers, dan is daar bladsye daaroor geskryf en dan gaan jy dit maklik kry. Maar ek sê nog steeds nie Johan wat jy lees gaan jou tevrede maak nie want die 3 hoofpunte wat ons daar gebruik vir versagende maatreëls, ons sê julle regte is beskerm in terms van bestaande wettige gebruik in terme van die wet, rivier bedryfsstelsel, en die Reserwe self. So ons gebruik beginsels om te sê maar daar is tog 'n mate van beskerming, maar vir wat julle sê, dis meer. Om die opgaarkapasiteit te verhoog in die sisteem en om julle bestendigheid te beskerm...		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	[J. Botes] Ek wil net vra Rens, wat is hierdie afloopwater volume gekwantifiseer per jaar? [R. Botha] Nee, ek weet nie maar Pieter van Rooyen sal weet. [J. Botes] Kom ek sê so, want dit is die vraag, dit is dan nou water wat direk hier verbyloop wat ons gaan benadeel. Dit gaan ons benadeel, want kom ons praat en sê dit is 70 miljoen kubiek bv. nê, dit is ons volle gebruik nê, in hierdie gebied. Woep – weggevat nê, net so! Wat bly oor vir ons, die 3 of 4 maande se vloedwater, “great” maar hoe kan ons dit dan bestuur? By wyse van opgaar, en dit is al wat ons probeer sê is hier gaan ‘n impak wees. Menere hierdie ouens is nie geregtig daarop nie maar weet jy wat, hier gaan ‘n impak wees, en die impak lyk soos volg: 20, 40, 60% of wat ookal die huidige oppervlak besproei, dis die sosiologiese impak, dis die finansiële impak, dit is wat met hierdie gemeenskap gaan gebeur nê, en van die staat se kant af, en met die samewerking van boere wat ons definitief bereid is om te doen, en die gemeenskappe en organisasies, hoe kan ons dit aanspreek, en dit is wat ons graag wil sien. Net wat ek kan sê wat wel vir ons ‘n groot bron van kommer was, was Pieter se aanbieding, Pieter se aanbieding was vir ons ‘n groot bron van kommer, dit was rondom sy rekenaar modelle gewees, want wat ons daar gesien het, is die volume water, die volume water nê, oor ‘n jaar, was deurgetrek na ‘n maandelikse, of deurgetrek na ‘n gemiddelde gebruik, maar nooit na ‘n werklike metings nie. Wat dan nou hierdie ding vir ons gaan uitlig, as jy soveel water in 3 of 4 maande laat verbyloop, en vir die res van die jaar loop daar soveel oor hierdie wal, hier by Pottie Hugo-hulle, en daardie water is water wat direk na ons toe kom vir besproeiing, maar dit was nooit in aanmerking geneem nie. Daar was ‘n volume verdeel oor ‘n periode. Nou kom ons kyk, as ons daai volume kon stoor nê, sal sy rekenaar model 100% wees, maar hy kan nie die volume stoor nie want die stelsel het nie die vermoë om die volume te stoor nie, so daar is massas wat verbyloop op ‘n slag, en baie bietjie wat verbykom, en die bietjie en ek weet wat julle sê is die grys water. Ons het daaraan gewoon geraak en ons het dit gebruik en nou word dit weggevat en word ons gewys daarop ons is nie geregtig daarop nie, maar dit gaan ‘n impak hê. Ek sien nêrens dat daar enigsins gesê was dat die impak gaan soos volg wees nie, Mnr X so en so boere gaan 40% van hulle lewensbestaan prys gee, of 80%, ek weet jy wat nê, dit gaan die sosiologiese impak op die gemeenskap ens. wees. Nêrens word dit gegee nie. [G. van Rensburg] Die ander ding wat ek gou vinnig wil vra, ek weet nie of daar ‘n studie gedoen is oor wat ‘n impak die wal gaan hê op sandwater onder nie? Ek weet nie hoe lyk die klip formasie onder nie want dit is vir ons belangrik, onthou huidiglik kry ons 100% van ons water uit boorgate. 4/5/6 maande van ‘n jaar, en die ding is as die rivier nie ten minste ‘n paar keer in ‘n jaar verbykom nie, dan word ons boorgate nie gevoed nie. [J. Kroon] Kom ek sê vir jou, om ‘n positiewe afsnyskerm te hê, is die voorstel om, ons moet gaan op ‘n kontinue basis deur die hele rivier en ‘n, gordyn, of kom ons noem dit ‘n “curtain” skep wat waterdig is waarop die wal ook gefundeer word sodat ons nie ondersypeling het nie. Ons moet daar ‘n waterdigte skerm kry. Om dit te vervang, is daar die oorloop wat op verskillende vlakke kom, sodat ons die vloei		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
	akkuraat kan meet. Ek het voorbeelde, so as julle belangstel, dan kan ons dit meet. So dit kan in die rekonsiliasie kom van hoeveel water. Dan is daar 'n klein bietjie water wat periodiek geskuur gaan word wat ons vir julle gewys het. Dan is daar ook 'n sogenaamde uitlaatwerke wat met pype deur die wal, krane en kleppe, wat 'n kanaal insluit met 'n meetstruktuur aan sy einde, want in die trajek stroomaf van die wal, is daar weereens nie 'n oordentlike fondament vir 'n meetwal nie, so die uitlaatwerke wil ons kombineer met die meetwal, sodat wanneer ons uitlaat, dan kan ons ook meet hoeveel ons uitlaat. Wat ons beplan het in die rivierbestuurstelsel, sodat ons kan voldoen aan die loslating van die bestaande wettige gebruik. So dit kan daar losgelaat word deur uitlaatwerke, dit kan van tyd-tot-tyd bo oor loop, ons kan die volume bepaal, en ons kan 'n voortdurende rekonsiliasie doen. Dit is alles deel van die rivierbestuurstelsel. [G. van Rensburg] Dis reg dankie, ek wil 'n heel laaste vraag vra. Julle maatskapy doen die verslag, en alles word nou goedgekeur, "daai ding" word gebou, ons word benadeel, vir wie gaan ons roer? [D. Henning] Ons het 'n aanname dat die rivierbestuurstelsel, hy gaan seker maak dat die rivier, dat jy weet wat daar aangaan, jy kan meet, en jy weet hoeveel water loop daar verby, kom ons neem aan, dit gaan werk. Dis een ding wat moet geskied word voor die skema in bedryf kom moet daar so 'n stelsel bestaan, en ons het 'n baie oulike terreinbesoek gehad, by voorbeeld daar is een wat in werking is in Mpumalanga. Ons neem aan, dit gaan werk. Ons neem aan dat die "existing lawful use" binne die "assurance of supply" skuus vir die Engels, en ons neem aan ook die reserves sal in plek wees, so ook die eko-sisteem, en ons neem ook aan dat die terugvloei word geteiken deur hierdie oordragskema, nie die natuurlike water wat voorkom nie. [G. van Rensburg] En as dit nie gebeur nie, is dit die Departement van Waterwese se verantwoordelikheid? [D. Henning] Die magtiging word uitgereik deur die Dept. van Omgewingsake, en as hul nie voldoen aan die voorwaardes nie, of as hulle nie doen wat hulle gesê het hulle sal doen nie, dan is dit die baba van die Departement van Water en Sanitasie. [W. Potgieter] Maar al wat hulle gaan doen is sê die wet sê ons waarborg niemand water nie. Hulle kan maak net wat hulle wil, so ek hoor wat Donovan sê, en as dit wat hy sê in die ideale wêreld kan geskied, dan is hier geen verdere geveg nodig nie, geen verdere opponering nodig nie. Maar daar is een ding, ons het nou gister die wet gehoor, niemand is geregtig op water nie. [R. Gillmer] Ek hoor al hierdie goed nou, want ek was nie van 19-voetsek af betrokke by al hierdie goed nie. Ek luister met 'n oop oor na wat julle sê en ek hoor die dinge, en ek sien ook waarop ons beginsel gebou het, want ons het ook oordentlike studies gedoen. Vir my lê die debat nou eintlik oor die terugvloeiwater. Wat ek sê ek wil nie aan enige ander water vat nie, ek wil net aan die terugvloeiwater vat. Ek wil net die terugvloeiwater oorplaas, maar julle sê die terugvoerwater vloei nou al 10 jaar in hierdie rivier af. [W. Potgieter] Dit is wat maak dat ons ons wettige gebruik kan benut.		

NR.	BESKRYWING	AKSIE	TEIKEN-DATUM
